

Hoofstuk 2

Perspektiewe op die deelwoord

2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die omvang van die beskrywings van die deelwoord in Afrikaans bepaal om daardeur die verwarring, onsekerheid en teenstrydighede wat in bestaande beskrywings voorkom, te identifiseer. Die doel is om vas te stel wat presies met die begrip 'deelwoord' bedoel word en daarom begin die hoofstuk met 'n etimologiese begripsverklaring van die term 'deelwoord'.

Daarna word vyftien verskillende Afrikaanse bronne apart beskou in terme van elkeen se beskrywing van die deelwoord in Afrikaans. In 'n sintese van die literatuuroorsig word spesifieke aspekte geïdentifiseer wat bydra tot die onsekerheid van wat 'n deelwoord in Afrikaans behels. Hierdie aspekte behels (i) vae terminologiegebruik en formulerings; (ii) die onderskeid tussen fleksie en afleiding; en (iii) die siening van die deelwoord as 'n vorm van die werkwoord, wat insluit of die vorm van die werkwoord in verledetyds- en passiefkonstruksies ook as 'n deelwoord gesien word of nie. Die aspekte word ook teen die agtergrond bespreek van hoe dit in Engels en Nederlands verduidelik word en, waar moontlik, word redes vir die onsekerhede en teenstrydighede bepaal.

Die hoofstuk eindig met onopgeloste kwessies wat weer in Hoofstuk 4, vanuit 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsraamwerk, hanteer word.

2.2 Die term 'deelwoord'

Naas 'deelwoord', wat algemeen in Afrikaans (en Nederlands) gebruik word, kan ons ook sinonimies 'partisipium' gebruik. Die term 'partisipium' stem ooreen met die Latynse term *participium* wat in Engels as *participle* voorkom. Die Latynse *participium* is 'n leenvertaling¹ van die Griekse term *metochē*². Die antieke Grieke het aanvanklik

¹ 'n Leenvertaling, anders as 'n leenwoord wat net so uit 'n ander taal oorgeneem is, is 'n letterlike vertaling van die woord uit 'n ander taal (*eWAT*, 2009).

² Oorspronklike Griekse woord: μετοχή; getranslitereerde woord: *metochē*; foneties: met-ohk-ay

hierdie woordklas so benoem om die adjektiewiese vorm van die werkwoord uit te druk. *Metochē* druk 'n "sharing element" (Matthews, 1997:267) uit, "something in common, sharing, participation" (Teknia, 2013), "sharing, communion, fellowship" (Bible study tools, 2013) en is gevolglik ook gebruik om na deelwoorde te verwys juis omdat hierdie woordklas gelyktydig deel het aan die werkwoordkategorie en 'n ander kategorie soos byvoorbeeld adjektiewe.

In hierdie studie is daar 'n aantal doelbewuste keuses gemaak in terme van terminologiegebruik. Die term 'deelwoord' is die alombekende term wat in Afrikaans en Nederlands gebruik word, terwyl 'partisipium' as sinoniem gesien kan word. Ek verkies gewoon 'deelwoord', aangesien dit die term is wat in die meeste Afrikaanse grammatikabronne voorkom. Tog is dit handig om kennis te neem van 'partisipium', veral omdat 'partisipium' herkenbaar is in die internasionaal erkende afkorting wat vir deelwoord gebruik word, naamlik [PTCP]³ (Comrie, Haspelmath & Bickel, 2008:9).

Afrikaans het twee stelle sinonimiese woordpare beskikbaar wat na spesifieke deelwoorde verwys, naamlik teenwoordige en verlede deelwoorde, of onvoltooide en voltooide deelwoorde. Die een stel, teenwoordige en verlede deelwoorde, impliseer 'n tempusverwysing wat misleidend mag wees. Teenwoordige deelwoorde kan ook in verledetydskonstruksies voorkom (vergelyk (1a)) en verlede deelwoorde kan ook in teenwoordigetydskonstruksies voorkom (vergelyk (1b)). Om hierdie rede word onvoltooide en voltooide deelwoorde⁴ voortaan gebruik, wat eerder die aspektuele⁵ verskil as die tempusverwysing vasvang.

(1a) *Die nuus was werklik **ontstellend**.*

(1b) *Die verduideliking is **geslaagd**.*

³ Langacker (s.a.:15, 17) gebruik [PRTC] om na *participle* te verwys en Van Huyssteen (2014:186) gebruik [PART]. In hierdie studie hou ek by die internasionaal erkende afkorting [PTCP].

⁴ Terwyl ons in Afrikaans altyd die een of die ander stel terme gebruik, verwys Nederlands meestal daarna as '*tegenwoordige en voltooid deelwoorde*', 'n term uit elke stel. Engels gebruik die terme '*present participle*' en '*past participle*' wat, net soos Afrikaans se een stel terme, ewe misleidend is as gevolg van die tempusimplikasie.

⁵ Vergelyk afdeling 3.7 later vir 'n bespreking van aspek.

2.3 Literatuuroorsig

Die grammatika-oeuvre van Afrikaans is redelik verouderd en relatief beperk. Voor die publikasie van *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde* (Carstens & Bosman) wat in 2014 verskyn het, het daar meer as 'n dekade gelede 'n nuwe of bygewerkte grammatikaboek die lig gesien. Buiten tradisionele grammatikabronne word woordeboeke en spel- en stylgidse ook in hierdie literatuuroorsig ingespan om na die beskrywings van die deelwoord te kyk. Van die vyftien bronne wat gebruik word, is die niegrammatikale bronne van die jongste publikasies wat beskikbaar is.

Die bronne wat gebruik is om 'n beeld te vorm van hoe verskillend (of nie) die deelwoord gesien word, word apart aangebied om temas te identifiseer. Let daarop dat die wyse waarop terme en taalkundige konvensies van voorbeelde in die verskillende afdelings (afdelings 2.3.1 tot 2.3.15) weergegee word, gebruik word soos wat dit in die bronne self voorkom. Die voorbeelde en die manier waarop die morfologie van deelwoorde uitgedruk word, is ook soos wat dit in die spesifieke bron verskyn.

2.3.1 *Woordsoorte, werkwoorde en tye* (De Villiers, 1948)

Een van die oudste wetenskaplike bronne oor woordsoorte in Afrikaans, en spesifiek werkwoorde, is *Woordsoorte, werkwoorde en tye* van De Villiers (1948). De Villiers verklaar dat omdat “die deelwoord van oorsprong 'n b.nw. is, sien die meeste grammatici dit deur [n] historiese bril as 'n oorgang of skakel tussen b.nw. en ww. Vandaar die benaming ‘deelwoord’, d.w.s. deels b.nw. en deels ww.” (De Villiers, 1948:97). Hierdie algemene verklaring dat die deelwoord deel het aan verskillende woordklasse is sinvol en oortuigend, maar dat die deelwoord van oorsprong 'n byvoeglike naamwoord is, is verwarrend. Eers wanneer mens die historiese verloop van deelwoorde in ag neem, is dit verstaanbaar waarom De Villiers meen dat die deelwoord van oorsprong 'n byvoeglike naamwoord is.

De Villiers (1948:95-96) som die historiese ontwikkeling van die deelwoord soos volg op. Aanvanklik was die deelwoord 'n byvoeglike naamwoord wat van 'n werkwoord afgelei is met die doel om uit te druk dat “... iemand of iets in 'n bepaalde toestand gekom het ...” en dan in daardie toestand gebly het soos in die konstruksie *zijn* +

*mutatiewe*⁶ *intransitiewe*⁷ *werkwoorde* (vergelyk (2a)). Daarna het uitdrukking ontstaan wat beteken "... om iemand of iets in 'n bepaalde toestand [te] hê ..." soos in die konstruksie *hebben + b.nw. van transitiewe*⁸ *werkwoorde* (vergelyk (2b)). Die laaste verbinding wat ontstaan het, was in navolging van die tweede tipe in die konstruksie *hebben + nie-mutatiewe intransitiewe werkwoorde* om handeling in die verlede uit te druk.

(2a) *Hy is oorlede.*

(2b) *Hy kry nie die slangbos uitgesteek nie.*

In die lig van sy stelling dat persoonlike fleksie in Afrikaans ontbreek (De Villiers, 1948:43), wys hy daarop dat die meeste werkwoorde, behalwe 'n paar modale werkwoorde, met *het* verbind kan word en "in dié verbinding heet die werkwoord 'n deelwoord, bv. *het geloop, het begin, het gaan sit*" (De Villiers, 1948:97). Alhoewel die meeste werkwoorde *ge-* neem wanneer dit met *het* verbind, is dit nie die geval by alle werkwoorde nie. De Villiers (1948:57) wys daarop dat verlede deelwoorde van skeibare werkwoorde met *ge-* tussen die dele vervoeg en dat onvoltooide deelwoorde van skeibare werkwoorde nooit geskei word nie. Sy verwysing hier na onvoltooide deelwoorde is moeilik verstaanbaar en dit mag wees dat hy eerder voltooide deelwoorde bedoel het, aangesien onvoltooide deelwoorde nie met *ge-* gevorm word nie, maar voltooide deelwoorde wel.

De Villiers (1948:71-76) is nie oortuig daarvan dat die aktiewe en passiewe vorme verskillende vorme van die werkwoord is soos wat die tradisionele siening daardie tyd was nie. Hy meen dat die passiewe vorm nie in die enger sin van die woord as 'n vorm gesien kan word nie; vir hom is dit hoogstens 'n skrifvorm wat selde in gesproke taal gebruik word (De Villiers, 1948:71-72). De Villiers (1948:95) voer aan dat onvoltooide deelwoorde gevorm met *-ende* of met *-end* eenvoudig byvoeglike naamwoorde is: hulle word dieselfde as byvoeglike naamwoorde gebruik en toon ook "geen reksiekenmerke⁹ van die ww. soos die regeer van voorwerp of bepalings" nie (De Villiers, 1948:95). Daarenteen sien hy die voltooide deelwoord as 'n woord wat deels die aard van 'n

⁶ Wat 'n verandering van toestand of plek aanbring of aandui (*eWAT*, 2009).

⁷ Onoorganklike werkwoorde

⁸ Oorganklike werkwoorde

⁹ Reksie: 'n verouderde term wat beteken: hoedanigheid of proses van te regeer; die naamval van 'n s.nw. of v.nw., of die modus van 'n ww. bepaal; 'n sinoniem is 'beheers' (*eWAT*, 2009).

werkwoord en deels dié van 'n selfstandige naamwoord¹⁰ bevat. Hy verkies daarom om die term deelwoord te behou om uitsluitlik na die voltooide deelwoord te verwys (De Villiers, 1948:95).

2.3.2 Die voltooide deelwoord sonder ge- by werkwoorde op -eer (Le Roux, 1952)

Le Roux (1952) argumenteer dat die *ge*-lose vorm by werkwoorde wat eindig op *-eer* nie aan die invloed van Engels toe te skryf is nie en wou bepaal in hoe 'n mate die *ge*-lose vorm in "beskaafde Afrikaans" (Standaardafrikaans) van daardie tyd voorgekom het. Dit is duidelik dat hy in sy ondersoek grotendeels na die verledetydsvorm van die werkwoord verwys as hy voorbeelde van voltooide deelwoorde gee. Wanneer hy die adjektiewiese gebruik van die verlede deelwoord betrek, noem hy dit spesifiek die "... adjektiewies gebruikte deelwoord" (Le Roux, 1952:6). Omdat sy navorsing spesifiek fokus op die *ge*-lose vorm van werkwoorde wat eindig op *-eer*, hou al sy verwysing na die adjektiewiese gebruik slegs verband met die voltooide deelwoord en kan mens niks verder aflei oor sy siening van die onvoltooide deelwoord nie.

Le Roux maak 'n interessante opmerking oor die werkwoord in die passiefkonstruksie wanneer hy sê dat in die lydende vorm "... word die werkwoord passief gebruik, m.a.w. min of meer adjektiewies, min of meer as bepaling" (Le Roux, 1952:6). As mens in gedagte hou hoe moeilik dit is om te onderskei tussen 'n kort passiewe vorm (sonder agent) en die predikatiewe voltooide deelwoord, is Le Roux se opmerking redelik oortuigend.

2.3.3 Afrikaanse sintaksis (Ponelis, 1979)

In die afdeling oor die naamwoordgroep, onder adjektiewiese voorbepalings (Ponelis, 1979:143-145), verwys Ponelis na voltooide en teenwoordige deelwoorde uit 'n sintaktiese perspektief. Met behulp van verbale interpretasies maak hy twee belangrike punte: aan die een kant wys hy op die verband tussen die attributiewe voltooide deelwoord en die lydende vorm (vergelyk afdeling (a) hieronder); en aan die ander kant

¹⁰ Dit is onduidelik waarom De Villiers hier na 'n selfstandige naamwoord verwys. Dit mag wees dat hy dalk eerder byvoeglike naamwoord bedoel het. Omdat hy nie hier voorbeelde gee nie, kan mens ook nie verder aflei presies wat bedoel is nie.

wys hy op die verband tussen die attributiewe onvoltooide deelwoord en konstruksies met 'n onderwerp en hoofwerkwoord (vergelyk afdeling (b) hieronder).

a) Attributiewe voltooide deelwoorde korreleer met die lydende vorm

Volgens Ponelis (1979:143) is die mees algemene klas voltooide deelwoorde dié wat attributief gebruik word en waarmee die lydende vorm met *wees* korreleer (vergelyk (3a) en (3b)). Alhoewel hierdie konstruksie baie produktief is, voer Ponelis (1979:143) aan dat die omgekeerde nie altyd grammatikaal¹¹ is nie (vergelyk (4a)¹² tot (4c)).

(3a) *aangegane uitgawe* :: uitgawe wat aangegaan is

(3b) *afgehandelde sake* :: sake wat afgehandel is

(4a) kruideniersware wat gebêre is, is nie **gebêrede kruideniersware* nie

(4b) 'n stelling wat geglo is, is nie 'n **geglode stelling* nie

(4c) 'n klip wat gegooi is, is nie 'n **gegooide klip* nie

Hy voer verder aan (vergelyk (5a) tot (5c)) dat “'n resklas mutatielike onoorganklike werkwoorde wat eens die perfektum met *wees* gevorm het ... attributiewe voltooide deelwoorde [kan] vorm” (Ponelis, 1979:144).

(5a) *die aangekome geselskap* < die geselskap wat aangekom IS (= het)¹³

(5b) *die mislukte staatsgreep* < die staatsgreep wat misluk IS (= het)

(5c) *die gevalle Zoeloe-intoena* < die Zoeloe-intoena wat gevalle IS (geval het)

Laastens oor die voltooide deelwoord, wys Ponelis (1979:144) ook op 'n klein groepie voltooide deelwoorde wat ooreenstem met *word*-passiewe (vergelyk (6a) tot (6c)).

(6a) 'n *beleërde stad* :: 'n stad wat beleër word

(6b) 'n *bewoonde gebied* :: 'n gebied wat bewoon word

(6c) 'n *geminagte minderheid* :: 'n minderheid wat geminag word

Ponelis se korrelasie van voltooide deelwoorde met die lydende vorm is nie volkome oortuigend nie. Die blote feit dat hulle voltooide deelwoorde is, roep by my 'n

¹¹ 'n Asterisk dui aan dat die voorbeeld ongrammatikaal is.

¹² Ponelis het nie (4b) en (4c) passief interpreteer nie, slegs (4a). Die interpretasies van (4b) en (4c) is na analogie van (4a) voltooi.

¹³ Ponelis se verwysings hier na 'is' en 'het' is onduidelik. Dit kom voor asof hy met hoofletters aandui dat IS die aanvanklike interpretasie was, maar in hakies wys hy op die hedendaagse interpretasie.

toestandlesing op wat eerder met 'is' as 'n koppelwerkwoord uitgedruk word as wat dit korreleer met is- (sinne (3a) en (3b)) en word-passiewe (sinne (6a), (6b) en (6c)).

b) *Attributiewe onvoltooide deelwoorde korreleer met 'n bysin*

Ponelis (1979:144) verduidelik dat naamwoordstukke wat teenwoordige deelwoorde bevat, ooreenstem met konstruksies van onderwerp en hoofwerkwoord (vergelyk (7a) tot (7d)).

(7a) ***bestaande*** *metodes* :: metodes wat bestaan

(7b) ***kronkelende*** *paadjies* :: paadjies wat kronkel

(7c) ***lopende*** *water* :: water wat loop

(7d) 'n ***singende*** *skare mense* :: 'n skare mense wat sing

Ponelis wys ook op Afrikaans se skrale fleksiesisteen en dat produktiewe werkwoordfleksie “ ... beperk [is] tot die gebruik van *ge-*” (Ponelis, 1979:190). Alhoewel hy ook die voltooide deelwoord betrek wanneer die werkwoordvorm saam met *het/word/wees* ter sprake kom, verwys hy daarna in aanhalingstekens as die vorm van die deelwoord en nie die deelwoord as sodanig nie (Ponelis, 1979:191).

2.3.4 *Samestellings, afleidings en woordsoortelike meerfunksionaliteit in Afrikaans (Kempen, 1982)*

Kempen het voor 1982 'n ander publikasie, *Woordvorming en funksiewisseling in Afrikaans* (sonder jaartal), uitgegee. Die inhoud hiervan het die basis vir die 1982-bron gevorm en daarom word slegs die verwerkte en bygewerkte 1982-weergawe by hierdie bespreking ingesluit. Uit die besprekings en verduidelikings van die verskillende kombinasies van woordvorming waarby die deelwoord betrokke is, blyk dit dat Kempens die deelwoord soos volg beskou:

- Die deelwoord is een van die vorme van die werkwoord. Alhoewel hy dit slegs impliseer wanneer hy verwys na die hoeveelheid vorme van 'n gegewe Nederlandse woord wat hy in die *Woordenboek der Nederlandsche Taal (WNT)* kon opspoor, noem hy deelwoorde as twee van die verskillende vorme van die werkwoord: infinitief, teenwoordige tyd, verlede tyd, onvoltooide deelwoord en voltooide deelwoord (Kempens, 1982:262).

- Die deelwoord is 'n byvoeglike naamwoord wat van 'n werkwoord afgelei is (Kempen, 1982:471), en daar behoort onderskei te word tussen deelwoordelike en nie-deelwoordelike byvoeglike naamwoorde (Kempen, 1982:160).
- Twee tipes deelwoordelike byvoeglike naamwoorde kan verder onderskei word:
 - onvoltooide deelwoord as byvoeglike naamwoord gevorm met *-end* (Kempen, 1982:160-169); en
 - voltooide deelwoord as byvoeglike naamwoord gevorm met *-de/-te* (Kempen, 1982:160, 169-177).
- Deelwoordelike byvoeglike naamwoorde kan ook as selfstandige naamwoorde realiseer (Kempen, 1982:471).
- Funksies van die deelwoord sluit in:
 - 'n voorsetselffunksie, maar hy twyfel of daar meer as twee voorbeelde hiervan is, te wete “Albert se daad is, *gesien* die verhouding ...” en “Hy het in alles aan ons gelyk geword, *uitgenome* die sonde, ...” (Kempen, 1982:81);
 - 'n byvoeglikenaamwoordfunksie waar die byvoeglike naamwoord van 'n werkwoord gevorm is, bv. ***aangebroeide*** eiers (Kempen, 1982:141);
 - 'n byvoeglikenaamwoordfunksie waar die byvoeglike naamwoord van 'n selfstandige naamwoord gevorm is, bv. ***ommuurde*** wildkraal (Kempen, 1982:141-143); en
 - in die passiefkonstruksie saam met *is*, *was* of *word*, bv. ***oorkonkel*** is / ***oorgekonkel*** word / *Sy was keelafgesny* en ... *vermink* (Kempen, 1982:141-142).

2.3.5 Afrikaanse grammatika vir volwassenes (De Villiers, 1983)

De Villiers (1983:68) onderskei tussen fleksie en afleiding en noem dat ons in Afrikaans fleksiewerking by die vorming van meervoud en trappe van vergelyking kry. Sonder om na deelwoorde te verwys, is *onverdeelde* wel een van sy voorbeelde onder afleidingsmorfeme. Wanneer hy fleksie in groter besonderhede bespreek, skryf hy dat fleksie “... die verskynsel [is] wat in populêre beskrywing genoem word die *forme van dieselfde woord*” (De Villiers, 1983:69), soos in sy voorbeeld *lees – gelees*. Dit is verwarrend as hy verduidelik dat fleksie getal-, graad- of tydsverhoudings raak, maar dan aanvoer dat ons in Afrikaans slegs geflekteerde vorme by naamwoorde en adjektiewe kry en nie ook werkwoorde hierby insluit nie. De Villiers hanteer dan ook adjektiewe wat van werkwoorde gevorm word (deelwoorde) onder fleksie (De Villiers,

1983:72), maar sê nie veel meer as die spelriglyne wat geld vir wanneer *-te/-e/-de* gebruik word nie. Onder fleksie betrek De Villiers dus slegs voltooides deelwoorde.

In die afdeling wat spesifiek oor afleiding handel, verduidelik hy dat “[*ge-*] in die verbinding met ’n werkwoord waar dit deel van die gesegdekern uitmaak, nl. met *het/word/is*, [...] as ’n fleksiemorfeem optree” (De Villiers, 1983:73). Hy beskryf die passiefkonstruksie as die hoofwerkwoord wat as voltooides deelwoord verbind word met “*word of is om die gesegdekern te vorm ...*” (De Villiers, 1983:161): *word* vir die teenwoordige tyd en *is* vir die verlede tyd. Dit is onverklaarbaar waarom hierdie inligting nie in sy bespreking van fleksie hanteer word nie.

Die onvoltooides deelwoord geniet aandag in sy bespreking oor afleiding. Hier verduidelik De Villiers (1983:80) dat afleidings gevorm met *-ende* ’n duratiewe kategoriale betekenis het en dat byna almal deur ’n betreklike bysin beskryf kan word (vergelyk (8a) en (8b)). Volgens hom is daar slegs ’n paar gevalle waar die betekenis nie so omskryf kan word nie (vergelyk (9a), (9b) en (9c)).

(8a) ***laggende*** *kinders*: ‘kinders wat lag’

(8b) ***singende*** *volk*: ‘volk wat sing’

(9a) ***lopende*** *rekening*: *‘rekening wat loop’¹⁴

(9b) ***bloeiende*** *geesdrif*: *‘geesdrif wat bloei’

(9c) ***gebiedende*** *wyse*: *‘wyse wat gebied’

De Villiers (1983:111) gebruik die term ‘werkwoordelike adjektiewe’ as ’n oorkoepelende term vir teenwoordige/onvoltooides en verlede/voltooides deelwoorde. Beide swak en sterk vorme van die voltooides deelwoord word hierby ingesluit (De Villiers, 1983:111-112). Waar hy reeds voltooides deelwoorde as fleksie bespreek het (De Villiers, 1983:72), word dit nou weer onder werkwoordelike adjektiewe betrek, maar hierdie keer as afleiding (De Villiers, 1983:111). Hy tref hier ’n onderskeid tussen die produktiewe aard van alle werkwoorde wat ’n deelwoord kan vorm om in gesegdes saam met ’n hulpwerkwoord op te tree aan die een kant en slegs sommige voltooides deelwoorde wat adjektiwies gebruik kan word aan die ander kant. Oor die onvoltooides deelwoord skryf hy hier dat die “sg. onvoltooides deelwoord wat net in beperkte mate

¹⁴ De Villiers het nie sy voorbeelde ná die dubbelpunt omskryf nie; dit is gedoen ter illustrasie van wat hy bedoel en ook om die ongrammatikaliteit daarvan uit te beeld.

werkwoordelik – of bywoordelik – kan fungeer, en veral as adjektief bekend is, ... ook net by sommige werkwoorde [voorkom] ...” (De Villiers, 1983:111).

Soos dit hierbo duidelik blyk, is De Villiers se aanbieding verwarrend. Sy bespreking van deelwoorde is versplinterd in die sin dat hy dit onder fleksie én afleiding bespreek. Sy verduidelikings is ook teenstryding as hy die deelwoord onder sowel fleksie as afleiding aanbied.

2.3.6 Die grammatika van Standaard-Afrikaans (Van Schoor, 1983)

Die deelwoord word omvattend in *Die grammatika van Standaard-Afrikaans* (Van Schoor, 1983) behandel. Van Schoor onderskei tussen fleksie en afleiding en stel dat “fleksiemorfeme bou buigingsvorme in sekere kategorieë, d.w.s. hulle bou verskillende grammatiese vorme van ’n lekseem” (Van Schoor, 1983:353), en elders “die bou van vorme van dieselfde lekseem” (Van Schoor, 1983:378). Hy kategoriseer die vorme van die werkwoord in ses groepe, naamlik die infinitief, presens, imperfek, die voltooide deelwoord, die onvoltooide deelwoord en die voltooide infinitief (Van Schoor, 1983:209). Die deelwoord word ook by die voltooide infinitief betrek.

Van Schoor (1983:212) verduidelik dat die benaming van die deelwoord vertaal is uit die Latynse *participium* waar “... dié vorm(e) van die werkwoord histories nie as enkelvoudige predikaat kon dien nie, maar wel in predikaatkonstruksies kon voorkom, en ook in die naamwoordgroep – veral as byvoeglike naamwoorde – gebruik is; hulle het dus deel gehad aan verskillende woordklasse” (Van Schoor, 1983:212). Van Schoor bespreek verder die voltooide en onvoltooide deelwoorde afsonderlik.

a) Die voltooide deelwoord

Van Schoor (1983:216) voer aan dat die voltooide deelwoordvorm slegs by hoofwerkwoorde voorkom en nie by hulpwerkwoorde nie. Aangesien die twee vorme voltooide deelwoorde, d.i. swak en sterk voltooide deelwoorde, radikaal van mekaar verskil, kies hy om hulle apart uiteen te sit.

i. Die swak voltooide deelwoord

Dit is die werkwoordvorm (met of sonder *ge-*) wat saam met die hulpwerkwoord *het* in die predikaat gebruik word (vergelyk (10a), (10b) en (10c)). Die deelwoord hier is slegs

déél van die predikaat en is nie self die volledige predikaat nie (Van Schoor, 1983:213-215).

(10a) *Ek het hom **gesien**.*

(10b) *Die son het vroeg **ondergegaan**.*

(10c) *Die polisie het hom **ondervra**.*

Die gebruik van die swak voltooide deelwoord in die predikaatkonstruksie sluit die volgende in (Van Schoor, 1983:214): in die predikaat van aktiewe sinne saam met *het*, genoem die perfek (vergelyk (11a)); deel van 'n voltooide infinitief in die predikaat van aktiewe sinne saam met modale werkwoorde (vergelyk (11b)); en die predikaat van passiewe sinne gebruik altyd die swak voltooide deelwoord met uitsondering van *getroud, gebore, geskape* en *oorlede* (vergelyk (11c)).

(11a) *Hy het die werk **gedoen/verrig**.*

(11b) *Hy kon dit **gedoen** het, maar ek twyfel.*

(11c) *Sy is deur verskeie nuuskieriges **dopgehou**.*

Die gebruik van die swak voltooide deelwoord binne die naamwoordgroep sluit die volgende in (Van Schoor, 1983:215): as deel van 'n voltooide infinitief saam met *om te* wat gevolglik die onderwerp uitmaak (vergelyk (12a)); as predikatiewe (vergelyk (12b)) en attributiewe adjektiewe (vergelyk (12c)); en uit die adjektiewiese gebruik ontstaan ook ander gebruike, soos naamwoordelike (vergelyk (12d)), bywoordelike (vergelyk (12e)) en voorsetselgebruik (vergelyk (12f) en (12g)).

(12a) *Om hom te **geken** het, was 'n verryking van die gees.*

(12b) *Sy is erg op haar voorkoms **gesteld**.*

(12c) *'n **Geslaagde** poging ...*

(12d) *Gooi die **gebreektes** weg.*

(12e) *Hy weet **bedroef** min.*

(12f) ***Gesien** die probleme waarmee hulle moes worstel ...*

(12g) ***Ongeag**¹⁵ die teenstand het hy ...*

¹⁵ Volgens die eWAT (2009) kan *ongeag* gebruik word as voorsetsel, voegwoord of bywoord. Dit is moeilik om hierdie verskillende funksies van mekaar te onderskei.

Van Schoor (1983:220-221) betrek ook die gebruik van die swak voltooide deelwoord as deel van die voltooide infinitief in modale predikate (vergelyk (13)).

(13) *Om dit te gesien het, was 'n wonderlike ervaring.*

ii. Die sterk voltooide deelwoord

Van Schoor (1983:216) meen dat die **vorm** van sterk voltooide deelwoorde diachronies verstaan moet word. As mens sinchronies daarna sou kyk, sou mens dit bloot as, onder andere, byvoeglike naamwoorde kon sien. Alhoewel sterk werkwoorde lewend in Nederlands en ander Germaanse tale voorkom, meen hy dat daar in Afrikaans slegs relikte daarvan in die vorm van die sterk voltooide deelwoord oor is.

Behalwe *gebore, geskape* en *oorlede*, word sterk verlede deelwoorde nie in 'n werkwoordelike funksie as deel van die grammatiese predikaat gebruik nie (Van Schoor, 1983:216), maar vervul dit funksies as adjektiewe (vergelyk (14a)); selfstandige naamwoorde (vergelyk (14b)); en voorsetsels (vergelyk (14c)).

(14a) *die gebroke hart, die uitverkore volk*

(14b) *die gebrokenes van hart, die uitverkorenes*

(14c) *Almal, inbegrepe¹⁶ die gebreklikes, moes werk.*

b) Die onvoltooide deelwoord

Van Schoor (1983:218) verduidelik die vorm van die onvoltooide deelwoord as een gevorm met die infinitief + *-ende*. In Nederlands eindig die infinitief altyd op *-en* of *-n* waaraan *-d* verbind om 'n onvoltooide deelwoord te vorm. Volgens hom het Afrikaans dus *-end* net so van Nederlands geërf en in attributiewe¹⁷ gebruik het *-e* bygekom. Met betrekking tot die funksies van die onvoltooide deelwoord stel hy dat dit, net soos die voltooide deelwoord, nie meer as deel van die predikaat voorkom nie (Van Schoor, 1983:218). Behalwe *synde* in *Hier is 'n R5, synde 'n paaient op my skuld*, waar die onvoltooide deelwoord 'n soort werkwoordelike waarde het, word dit nooit verder werkwoordelik gebruik nie (Van Schoor, 1983:219). Volgens Van Schoor (1983:219-220) sluit die gebruike van die onvoltooide deelwoord in: baie gereeld as byvoeglike naamwoorde en veral, maar nie uitsluitlik nie, as attributiewe byvoeglike naamwoorde

¹⁶ *Inbegrepe* word in die *eWAT* (2009) slegs as 'n byvoeglike naamwoord aangedui. Tog, in (14c) het *inbegrepe* byna dieselfde betekenisstrekking as *insluitende* wat mens wel as voorsetsel kan gebruik.

¹⁷ Van Schoor (1983:218) verwys hier spesifiek na die buigingspatroon in die attributiewe posisie.

(vergelyk (15a)); bywoorde (vergelyk (15b)); selfstandige naamwoorde (vergelyk (15c)); en voorsetsels (vergelyk (15d), (15e) en (15f)).

(15a) *die verwoestende brand / die bedrag is nog uitstaande*

(15b) *iets is ontsettend moeilik / iemand praat onsamehangend*

(15c) *insittendes / noodlydendes / hulpbehoewendes*¹⁸

(15d) *Hy help nieteenstaande*¹⁹ *sy eie behoeftes.*

(15e) *Ek kan jou inlig aangaande/betreffende die saak.*

(15f) *'n Ooreenkoms is bereik hangende die goedkeuring van die regering.*

2.3.7 Taalleer vir onderwyser en student (Du Toit, 1986)

Du Toit (1986:136) hanteer die deelwoord onder die opskrif “Ander vorme van die werkwoord”, maar verwar die leser dan wanneer hy die deelwoord omskryf as afgelei van die werkwoord. Soos Kempen (1982), De Villiers (1983) en Van Schoor (1983), onderskei hy ook tussen voltooide of verlede deelwoorde en teenwoordige of onvoltooide deelwoorde en wys hy ook op die onderskeid tussen sterk en swak verlede deelwoorde. Wat Du Toit (1986:138-139) se bespreking onderskei van dit wat reeds bespreek is, is dat hy deelwoorde wat as selfstandige naamwoorde optree as 'n aparte groep deelwoorde noem.

Volgens Du Toit (1986:101-102) kan deelwoorde as voorbeelde van sowel fleksie as afleiding gesien word. Hy lys byvoorbeeld die *ge*-morfeem as 'n fleksiemorfeem en onder een van die eienskappe van fleksiemorfeme, naamlik dat hulle nie die woordsoort van die basisvorm verander nie, gee hy as voorbeeld “*slaap* (ww.)” wat “*geslaap* (verlede deelwoord/verledetydsvorm van die ww.)” word (Du Toit, 1986:101). Daarteenoor illustreer hy afleidingsmorfeme se kategoriale funksie met, onder andere, *-erend* as 'n voorbeeld van 'n adjektiveerder in “*advies* (s.nw.) > *adviserend* (b.nw.)” (Du Toit, 1986:102). Dit is egter nie morfologies waar dat *-erend* as geheel die adjektiveerder is nie: *advies* is eers deur *-eer* afgelei om *adviseer* ('n denominale werkwoord) te vorm, voordat dit verder met *-end* kon vervoeg tot *adviserend*. Nogtans

¹⁸ Van Schoor (1983:219-220) gee al die voorbeelde van selfstandige naamwoorde net so in die meervoud. Selfs indien hy dit in die enkelvoud gegee het, sou ek steeds nie oortuig daarvan gewees het nie, bv. *insittende*. Die *-e* agteraan die woord kan nie hier as 'n attributiewe *-e* gesien word nie, maar behoort eerder as 'n subjektiveerder gesien te word, nog te meer die meervoud-s.

¹⁹ M.i. kan *nieteenstaande* as 'n voorsetsel sowel as 'n voegwoord gesien word.

kan ons duidelik genoeg aflei wat hy wil illustreer. Du Toit maak dus hier 'n interessante onderskeid tussen fleksie (die deelwoord as verledetydsvorm van die werkwoord) en afleiding (die deelwoord as adjektief) (Du Toit, 1986:101).

In sy onderskeid tussen swak en sterk vorme van die byvoeglike naamwoord, lys Du Toit (1986:129) voorbeelde van swak én sterk afgeleide byvoeglike naamwoorde. Sy voorbeelde en verduideliking strook grotendeels met die tradisionele siening van sterk en swak voltooide deelwoorde waar die uitgang *-de* aan die basisvorm gevoeg word by 'n swak vorm (*bederfde*) en die stamklinker by die sterk vorm verander²⁰ (*bedorwe*). Tog maak hy nie hier melding van *-te*²¹ nie. Hy wys ook daarop dat die swak vorme in baie gevalle 'n meer letterlike betekenis vertoon, teenoor die meer figuurlike betekenis van die sterk vorm (Du Toit, 1987:129).

Wanneer Du Toit werkwoorde as woordsoort hanteer (Du Toit, 1986:133-137), verwys hy slegs na deelwoorde wanneer hy die onderskeid tussen koppelwerkwoorde en omskrywingswerkwoorde (*is*, *was* en *word*) van die lydende vorm tref. Deelwoorde word saam met hierdie omskrywingswerkwoorde in die lydende vorm gebruik waar *word* die voortdurende of duratiewe konstruksie vorm, en *is* (*was*) die voltooide of perfektiewe konstruksie.

Du Toit (1986:138-139) onderskei die volgende funksies van die deelwoord aan die hand van voorbeelde met die werkwoord *breek*. Hy lys die funksies van die voltooide en onvoltooide deelwoorde apart. Voorbeelde van funksies van voltooide of verlede deelwoorde waar die handelings afgehandel (voltooid) is en in die verlede plaasgevind het, sluit in: verlede deelwoord in die verledetydskonstruksie (vergelyk (16a)); swak predikatiewe byvoeglike naamwoord (vergelyk (16b)); swak attributiewe byvoeglike naamwoord (vergelyk (16c)); swak selfstandige naamwoord (vergelyk (16d)); sterk predikatiewe byvoeglike naamwoord (vergelyk (16e)); sterk attributiewe byvoeglike naamwoord (vergelyk (16f)); en as 'n sterk selfstandige naamwoord (vergelyk (16g)).

(16a) Die koppie het **gebreek**.

(16b) Die motor is **gebreek**.

(16c) Die **gebreekte** motor is te koop.

²⁰ Daar gebeur in werklikheid méér, maar dit is al wat Du Toit (1986:129) noem.

²¹ Soos wat later aangetoon sal word, behoort deelwoordmorfeme slegs met *-d* of *-t* aangedui te word. Dit is hier *-te* gehou om dit duidelik teenoor *-de* te stel en omdat Du Toit dit so gebruik.

(16d) Die **gebreekte** is te koop, nie die nuwe nie.

(16e) Die vrou is **gebroke** na haar kind se dood.

(16f) Die **gebroke** vrou huil baie.

(16g) Die **gebroke** huil baie.

Voorbeelde van die funksies van die teenwoordige of onvoltooide deelwoord waar die handeling nog plaasvind, sluit in: onvoltooide deelwoord as attributiewe byvoeglike naamwoord (vergelyk (17a)); en onvoltooide deelwoord as selfstandige naamwoord (vergelyk (17b)). Du Toit (1986:139) maak nie hier melding van onvoltooide deelwoorde wat predikatief gebruik word nie.

(17a) Die **brekende** glase maak 'n groot lawaai.

(17b) Die **sterwendes** word vertroos.

2.3.8 Afrikaans vir die praktyk (Botha & Van Aardt, 1987)

Botha en Van Aardt (1987:219-253) verwys na die deelwoord in hulle hoofstuk oor die adjektief. Daar is nie 'n enkele verwysing na die deelwoord in die hoofstuk oor die werkwoord nie (Botha & Van Aardt, 1987:178-192) – nie by verlede tyd en ook nie by die lydende vorm nie. In hulle hoofstuk oor die Afrikaanse spellingstelsel verwys hulle direk na deelwoorde wanneer hulle die gebruik van *-d(e)/-t(e)* uiteensit (Botha & Van Aardt, 1987:67-68). Sonder om enigsins na deelwoord(e) te verwys, gee hulle lyste voorbeelde van deelwoorde onder opskrifte oor adjektiewe wat van verskillende werkwoorde afgelei is (Botha & Van Aardt, 1987: 225, 226, 242-253). Hulle sien deelwoorde dus alleen as adjektiewe wat van 'n werkwoord afgelei is.

2.3.9 Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde (Botha, T.J.R., Ponelis, F.A., Combrink, J.G.H. & Odendal, F.F., 1989)

Onder redaksie van Botha, Ponelis, Combrink en Odendal word daar in hierdie bron in verskillende hoofstukke vanuit verskillende perspektiewe na die deelwoord verwys. Vervolgens word insigte oor die deelwoord per hoofstuk hanteer.

2.3.9.1 Hoofstuk 2: Nederlands-Afrikaans: die Europese agtergrond van Afrikaans

Uit 'n geskiedkundige oogpunt wys Ponelis (1989:41) daarop dat die ablautstelsel 'n kenmerk van Gemeengermaans is en dat dit in Nederlands voorkom in die vervoeging van sterk werkwoorde. So 'n oorblyfsel van die ablautstelsel in Afrikaans is "ablautende

adjektiwiese afleidings ... aanbied: *aangebode* hulp; bind: *gebonde*; help: *geholpe*; kies: *gekose* komitee, *uitverkore* volk; steel: *gestole* goedere; vind: *nuutgevonde* geluk; werp: *verworpe* mense” (Ponelis, 1989:42).

2.3.9.2 Hoofstuk 3: Afrikaans en Standaard-Nederlands

Pheiffer (1989:78) noem dat in ’n vergelyking van die morfologiese verskille tussen Afrikaans en Nederlands, Nederlands meer fleksievorme van die werkwoord het. Die grootste morfologiese verskille tussen die twee tale kom voor by werkwoordvorme (Pheiffer, 1989:83) en gevolglik vergelyk hy die verskillende vorme van die verlede tyd in Nederlands met Afrikaans.

In terme van die imperfektumvorme in Nederlands wat ’n sekere aspek van die verlede tyd aandui, wys hy op die ooglopende verskil met Afrikaans waar Afrikaans “... geen swak imperfektumvorme [het] nie, en feitlik geen sterk imperfektumvorme nie ...” (Pheiffer, 1989:85). Die enkele sterk imperfektumvorme wat wel in Afrikaans voorkom, sluit in: *is – was, kan – kon, wil – wou, sal – sou, het – had, dink – dag/dog, weet – wis, en mag – mog*. Hieruit maak hy die afleiding dat die onvoltooide verlede tyd as kategorie, prakties nie in Afrikaans voorkom nie.

In terme van die saamgestelde verbale vorme in Nederlands, wys hy op die twee maniere waarop verledetydsvorme gevorm word deur die koppeling van hulpwerkwoorde met verlede deelwoorde. Hierdie twee verledetydsvorme betrek die perfektum (vergelyk (18a)) en die plusquamperfektum (vergelyk (18b)). Afrikaans het ’n ekwivalente konstruksie as die perfektum in Nederlands (vergelyk (18c)) “... wat eintlik een van die hoofmaniere is om die verlede tyd in Afrikaans weer te gee” (Pheiffer, 1989:87). Omdat Afrikaans nie ’n imperfektumvorm vir *het* het nie, bestaan die plusquamperfektum ook glad nie as ’n saamgestelde verbale vorm in Afrikaans nie (Pheiffer, 1989:87). Om die voorverledetyd uit te druk, maak Afrikaans van modale woorde soos *toe, al* en *reeds* gebruik.

(18a) *ik heb gewerkt; ik heb gegeten*

(18b) *ik had gewerkt; ik had gegeten*

(18c) *ek het gewerk; ek het geëet*

Pheiffer (1989:86) vergelyk Afrikaans met Standaardnederlands en omdat saamgestelde werkwoordvorme in Nederlands met die verlede deelwoord gevorm word, is dit te verstane dat hy ook Afrikaans se saamgestelde verlede tyd sien as gevorm met die deelwoord. In sy vergelyking van verlededeelwoordvorme tussen Nederlands en Afrikaans, merk hy (Pheiffer, 1989:86-87) 'n paar verskille op:

- Afrikaans het oor die algemeen 'n ekwivalente vorm vir die swak verlede deelwoord in Nederlands met die verskil dat die slot-*t* nie in Afrikaans voorkom nie, maar dat die slot-*d* voorkom of nie, afhangend van die funksie waarin dit gebruik word (vergelyk (19a) tot (19c)).

(19a) *hy heeft hier **gewerkt** teenoor hy het hier **gewerk***

(19b) *dat heeft hem **geïnteresseerd** teenoor dit het hom **geïnteresseer***

(19c) *hij is er in **geïnteresseerd** teenoor hy is daarin **geïnteresseerd***

- Wanneer sterk verlede deelwoorde in Nederlands in 'n saamgestelde werkwoordstruktuur gebruik word, word slegs die swak ekwivalent daarvan in Afrikaans se saamgestelde werkwoordstruktuur gebruik (vergelyk (20a) tot (20c)).

(20a) *heeft **gebeten** teenoor het **gebyt***

(20b) *heeft **geboden** teenoor het **gebied***

(20c) *heeft **genomen** teenoor het **geneem***

- In Afrikaans kry ons dit wel dat daar soms vir dieselfde werkwoord swak sowel as sterk verlededeelwoordvorme bestaan. Die sterk vorme word dan attributief gebruik (vergelyk (21a) tot (21c)).

(21a) *het **geskryf** – **geskrewe** briewe*

(21b) *het **gekies** – **gekose** parlement*

(21c) *het **gebreek** – **gebroke** lig*

2.3.9.3 Hoofstuk 4: Ontwikkeling van vroeë Afrikaans

Uit Raidt se hoofstuk sien ons dat die werkwoordelike sisteem soos ons dit vandag in Afrikaans ken oor twee eeue heen tot stand gekom het. Sy meld dat "... die voltooide deelwoorde 'n radikale regularisering ondergaan" (Raidt, 1989:118). Wanneer sy hierdie regularisering verduidelik (Raidt, 1989:119-120), kry ons 'n blik op die

historiese verloop van deelwoorde. Aanvanklik verwys sy slegs na deelwoorde in 'n werkwoordelike funksie: Nederlands het twee soorte voltooide deelwoorde gehad, onderskeidelik gevorm met sterk of swak werkwoorde, en daarteenoor het Afrikaans slegs *ge-* + werkwoordstam gehad.

Nadat hierdie regularisering in die laat negentiende eeu voltrek is, het 'n volgende proses begin wat na 1925 nog verder uitgebrei het. Daar is in Afrikaans semanties sowel as stilisties sterker onderskei tussen "*gebreek* en *gebroke*, *gebind* en *gebonde*, *bedrieg* en *bedroë*, *gesluit* en *geslote*" (Raidt, 1989:120).

Sy wys ook op die verdwyning van twee tempora, die preteritum en die plusquamperfektum, en dat die oorspronklike perfektum vandag die enigste gemerkte verledetydsvorm in Afrikaans is (Raidt, 1989:119). Die verlies van bogenoemde verledetydskategorieë is toe te skryf aan "verdringingsprosesse" (Raidt, 1989:119) en nie deur gebrekkige aanleer van Nederlands nie. Sy verduidelik dat die funksies van die preteritum oorgeneem is deur (i) die presensvorm of die ongemerkte verledetydsvorm wanneer die sin 'n ander tydmerker gebruik (vergelyk (22a)), of deur (ii) die perfektum of die gemerkte verledetydsvorm (vergelyk (22b)).

(22a) *Toe die storm losbars, het ons skuiling gesoek.*

(22b) *Ek **het** die boek gelees.*

2.3.9.4 Hoofstuk 8: Afrikaanse morfologie: 'n oorsig

Hierdie hoofstuk van Combrink (1989:220-254) gee 'n oorsig oor die terrein van die morfologie. Behalwe vir sy afwysing van die onderskeid tussen afleiding en fleksie (Combrink, 1989:233), word die deelwoord self nêrens genoem nie. Ten spyte daarvan dat hy self die onderskeid tussen fleksie en afleiding in Afrikaans as sinloos afmaak, gee hy tog erkenning aan die algemene standpunt van ander taalkundiges hieroor. Taalkundiges erken suffikse by meervoudsaanduiding en dié by trappe van vergelyking as besliste fleksiomorfeme; en sommiges sien ook die verlede deelwoord se *ge-*, die *ge-* van die passief en suffikse by verkleiningsvorme as fleksiomorfeme (Combrink, 1989:233).

2.3.10 *Afrikaanse morfologie: capita exemplaria* (Combrink, 1990)

Alhoewel Combrink in *Afrikaanse morfologie: capita exemplaria* (1990) nie 'n eksplisiete omskrywing gee van wat die deelwoord presies is nie, kom mens duidelik agter waar sy sentiment lê: volgens hom is die onderskeid tussen fleksie- en afleidingsmorfeme in Afrikaans 'n Latinistiese oorerwing en syns insiens ongegrond (Combrink, 1990:30-31). Dít is dan heel moontlik ook die rede waarom hy slegs na deelwoorde verwys wanneer hy fokus op spesifieke morfologiese patrone. So gebruik hy, sonder om dit as sulks te benoem, byvoorbeeld 'n deelwoord in sy voorbeeld wanneer hy verwys na adjektiewe wat postnominaal gebruik word: *Met arms uitgestrek ...* (Combrink, 1990:283). Hiermee impliseer hy ook die attributiewe en predikatiewe gebruik van deelwoorde uit die ander voorbeelde wat hy van gewone attributiewe en predikatiewe adjektiewe gee. Onder intensiewe adjektiewe lys hy vorme waarvan die grondwoorde teenwoordige en verlede deelwoorde is, onderskeidelik in twee van die subkategorieë wat as intensiewe vorm attributief dieselfde verbuig as die grondwoord (Combrink, 1990:287). Wat hier belangrik is, is nie dat deelwoorde attributief, postnominaal, predikatief en intensief gebruik kan word nie, maar wel dat hy deelwoorde uitsluitlik as adjektiewe hanteer wanneer hy dié kwessies hanteer.

In Hoofstuk 15 gee Combrink (1990:217-231) aandag aan die verledetyds-*ge-* en die passief-*ge-* en verwys slegs na deelwoorde in hierdie verband (meestal in aantekeninge en nie in die hoofteks nie) wanneer dieselfde fonologiese reël ook op die vorming van deelwoorde van toepassing is. Die twee morfonologiese reëls wat hy betrek, behels (i) die /D/ van *ge-...-D* word /t/ of /d/ afhangend van die fonologiese aard van die stam (Combrink, 1990:217, 230), en (ii) die opsionele gebruik of afwesigheid van *ge-* by werkwoorde in die verledetyds- en passiefvorme (Combrink, 1990:218-219, 224, 228). Hoewel Combrink dit nie eksplisiet sê nie, kan die afleiding derhalwe gemaak word dat hy deelwoorde anders as verledetyds- en passiefvorme sien, heel moontlik bloot as adjektiewe.

Die enigste plek waar die deelwoord as sulks genoem word, is onder die produktiwiteit van woordvormingsreëls in Hoofstuk 19 (Combrink, 1990:346-347) waar die teenwoordigedeelwoordvormende *-d* aandag geniet. Combrink (1990:346) wys hier op die variasie tussen *-d* en *-end* met betrekking tot dieselfde reël. Hy verduidelik dat die meerderheid leksikale items in Afrikaans wat as werkwoorde kan funksioneer, as basis

kan dien vir die vorming van teenwoordige deelwoorde met *-end* (vergelyk (23a)). Hierteenoor noem hy die klein groepie leksikale items wat nie vatbaar vir *-end* is nie, maar teenwoordige deelwoorde vorm met *-d*, naamlik *doen*, *gaan*, *sien* en *staan* (vergelyk (23b)) sowel as komplekse stamme van hierdie leksikale items (vergelyk (23c)).

(23a) *aanwys* x *aanwysend(e)*, *bestuur* x *besturend(e)*, *kom* x *komend(e)*, ...

(23b) *doende*, *gaande*, *siende* en *staande*

(23c) *afdoende*, *verbygaande*, *heldersiende*, *losstaande*, ...

Combrink verskaf nie 'n verduideliking waarom die morfeem *-end* by sommige woorde slegs *-d* is nie, alhoewel daar 'n logiese verklaring vir die verskynsel is. In Nederlands word teenwoordige deelwoorde slegs met *-d* gevorm en dié *-d* word aan die infinitiefstam wat eindig op *-en* gevoeg. In Afrikaans het die *-en* en *-d* versmelt tot een morfeem, naamlik *-end*, wat vir die vorming van teenwoordige deelwoorde gebruik word. Die paar voorbeelde wat hy noem waar slegs *-d* voorkom, is ook voorbeelde in Nederlands waar die infinitiefvorm sonder die *-en* bestaan en vandaar slegs die *-d* wat die teenwoordige deelwoord vorm. Daar is egter twee ander werkwoorde wat Combrink nie noem nie waarvan die infinitiefvorm in Nederlands ook sonder *-en* bestaan en waarvan die deelwoord in Afrikaans slegs met *-d* gevorm word, naamlik *staan* en *zijn* (in Nederlands) wat in Afrikaans as *staande* en *synde* na vore kom.

Laastens werp Combrink lig op die *-e* wat kan optree ná die deelwoordmorfeem. Hy wys op die onderskeid tussen substansivering (bv. *een insittende is beseer*) met behulp van *-e₂* of attributivering (bv. *die insittende lede van die vergadering*) met behulp van *-e₃* (Combrink, 1990:346). Hierdie verskillende funksies van die *-e* ná die deelwoord word gereeld misgekyk as daar in die literatuur verwys word na die deelwoord wat ook as selfstandige naamwoord kan optree.

2.3.11 A grammar of Afrikaans (Donaldson, 1993)

Net soos Pheiffer (1989:85) wys Donaldson (1993:222-223) dat, op 'n paar uitsonderings na, die imperfektum in Afrikaans verdwyn het. As gevolg van hierdie verdwyning van die imperfektum, word die perfektum nou eenvoudig die verledetydvorm of die preterite genoem. Hy verduidelik verder dat die

verledetydskonstruksie bestaan uit *het* en die verlede²² deelwoord wat gevorm word deur 'n prefiks *ge-* en die stam/infinitief van die werkwoord. Donaldson (1993:224-225) wys ook daarop dat die verledetydsvorm van die werkwoord met of sonder *ge-* kan wees. Die redes wat hy aanvoer vir wanneer verledetydsvorme sonder die *ge-* voorkom, sluit in: (i) by werkwoorde met onbeklemtoonde prefikse, soos *aan-*, *agter-*, *deur-*, *om-*, *onder-*, *oor-*, *voor-*, en *be-*, *ge*, *her-*, *er-*, en *ver-* (vergelyk (24a) en (24b)); en (ii) by werkwoorde wat eindig op *-eer*. By werkwoorde wat eindig op *-eer* wys hy daarop dat mens in Afrikaans teoreties die verledetydsvorm sonder die *ge-* kan vorm, maar dat dit in praktyk wel soms met *ge-* gebruik word (vergelyk (24c) en (24d)).

(24a) *Hy het dit nie **aanvaar** nie.*

(24b) *Sy het dit nie **verstaan** nie.*

(24c) *Ek het die hele dag (**ge**)**studeer**.*

(24d) *Ek het dit al **probeer**.*

Donaldson verduidelik die passiefvorme in terme van teenwoordige en verlede deelwoordvorme waar die teenwoordige vorm met *word* en die verlede deelwoord gevorm word en die verlede passiefvorm deur *is* en die verlede deelwoord (Donaldson, 1993:257). Hy wys ook op die moeilike onderskeid, en selfs die dubbele interpretasie, tussen die passiefvorm in die verlede tyd en die adjektiewiese gebruik van die verlede deelwoord. In 'n poging om 'n oplossing vir die vae onderskeid te vind, meld hy dat hierdie dubbele interpretasie of vae onderskeid slegs voorkom by historiese swak werkwoorde. Omdat die sterk verlede deelwoorde nooit verbaal gebruik word nie (dus nie in die passiefkonstruksies voorkom nie) en slegs adjektiewies gebruik word, is daar gevolglik nooit verwarring nie (Donaldson, 1993:259). Die verwarring is dus beperk tot die swak verlede deelwoord en, volgens hom, is die teenwoordigheid of nie van die agent in die passiefvorm die enigste manier om tussen 'n passiefvorm en 'n adjektiewiese verlede deelwoord te onderskei (Donaldson, 1993:260).

Donaldson (1993:171-173) onderskei tussen fleksie en afleiding en sien deelwoorde in adjektiewe funksies as afleiding en in werkwoordkonstruksies as fleksie. Hy verklaar, net soos Combrink (1990:346), die ontstaan van die *-end* waarmee teenwoordige

²² Die keuse om hier 'verlede deelwoord' te gebruik en nie 'voltooide deelwoord' nie, was my eie. In die lig daarvan dat Donaldson in Engels skryf en '*past participle*' gebruik, was 'verlede deelwoord' vir my hier die naaste vertaling.

deelwoorde in Afrikaans gevorm word: in Nederlands eindig die infinitiefvorm op 'n *-en* waaraan slegs 'n *-d* verbind om die teenwoordige deelwoord te vorm. Volgens Donaldson het die teenwoordige deelwoord geen verbale funksies nie en word dit slegs adjektiewies (vergelyk (25a)) of bywoordelik (vergelyk (25b)) gebruik.

(25a) *Die beleid van **toenemende** onderdrukking ignoreer die oorsake van die situasie.*

(25b) *Die staat het **toenemend** afhanklik geraak van sy weermag.*

Onder die verlede deelwoorde wat adjektiewies gebruik word, wys Donaldson (1993:171-173) daarop dat die die swak verlede deelwoord in Nederlands gevorm word deur 'n *ge-* prefiks en 'n *-t* of *-d* suffiks. In Afrikaans word die *-t* of *-d* agteraan meestal geskrap, maar kom dit weer na vore wanneer die verlede deelwoord as attributiewe adjektiewe gebruik word. Hy wys ook op die probleem rondom die keuse in Afrikaans vir *-t* of *-d*. In Nederlands is die keuse eenvoudiger: *-t* word gevoeg aan 'n stam wat stemloos eindig en *-d* aan 'n stam wat stemhebbend eindig. Hierdie reël kan egter nie net so op Afrikaans van toepassing gemaak word nie, want werkwoordstamme wat in Afrikaans op stemlose klanke eindig (veral *-f* en *-s*), kom oorspronklik van Nederlandse werkwoordstamme wat op stemhebbende klanke eindig (*-v* of *-z*) en gevolglik eerder *-d* neem. Donaldson verwys na die 1991-uitgawe van die *AWS* as hy riglyne gee vir die gebruik van *-t* of *-d* by die woorde wat eindig op 'n *-f*, *-g* of *-s*. Hierdie riglyne is egter reeds verouder en volgens reël 11.7 van die 2009-uitgawe van die *AWS* (Taalkommissie, 2009:63) word beide *-t* of *-d* as korrek erken by woorde wat eindig op 'n *-f*, *-g* of *-s*.

Naas Combrink (1990:346) is Donaldson (1993:174) ook die enigste outeur wat onderskei tussen die *-e* by deelwoorde as 'n nominaliseerder (byvoorbeeld *die verkramp^{te}*) en die *-e* in die attributiewe posisie (byvoorbeeld *verkramp^{te} kiesers*).

2.3.12 Norme vir Afrikaans (Carstens, 2011)

Carstens se *Norme vir Afrikaans* (2011) is nie werklik bedoel om 'n grammatikagids te wees nie, maar eerder 'n handleiding vir die gebruik van korrekte Afrikaans. Nogtans is sy algemene siening van die deelwoord duidelik en dus waardevol. Alhoewel daar gereeld na die deelwoord onder werkwoordopskrifte verwys word (Carstens, 2011:53), omskryf hy ook die verlede deelwoord soos dit in die *AWS* (Taalkommissie, 2009:162)

verskyn as 'n woord wat van 'n werkwoord afgelei is en kan optree as byvoeglike naamwoord, as verledetydsvorm van die werkwoord en in die lydende vorm (Carstens, 2011:277-278). Hy verwys ook verder na voltooide deelwoorde as adjektiewe (Carstens, 2011:93) asook die gebruik of nie van *ge-* in die verledetydsvorm van die werkwoord (Carstens, 2011:88-93).

2.3.13 *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal (HAT) (Odendal & Gouws, 2005)*

Alhoewel woordeboeke nie 'n outoritêre bron van grammatikakonvensies is nie, omskryf die *HAT* die deelwoord vanuit die staanspoor as 'n vorm van die werkwoord (wat mens by weinig ander bronne so duidelik vind). Die *HAT* (Odendal & Gouws, 2005:146) lys partisipium as 'n sinoniem vir deelwoord en verklaar die deelwoord as 'n "term vir twee vorme van 'n ww."

- Die eerste van die twee vorme word weergegee as die onvoltooide of teenwoordige deelwoord gevorm deur *-end(e) of -d(e)* en wat gewoonlik as byvoeglike naamwoord optree; en
- Die tweede vorm word gegee as voltooide of verlede deelwoord met *ge-* vooraan die werkwoordstam wat gebruik word as byvoeglike naamwoord of as deel van die gesegde. Dit is egter hier nie baie duidelik wat met 'deel van die gesegde' bedoel word nie: dit kan die verledetydsvorm saam met *het* en/of die passiefvorm saam met *word/is* insluit. Alhoewel hulle noem dat die voltooide deelwoord ook as byvoeglike naamwoord gebruik word, meld hulle nie die suffikse *-d* of *-t* nie.

2.3.14 *Afrikaanse woordelys en spelreëls (Taalkommissie, 2009)*

Die Afrikaanse woordelys en spelreëls (AWS) is ook nie bedoel om 'n grammatikagids te wees nie, maar 'n gids vir spelleiding. Buiten dat die *AWS* een van die jongste publikasies in hierdie literatuuroorsig is, is dit ook 'n bruikbare bron vir die studie.

Die *AWS* onderskei in die terminologielys slegs tussen onvoltooide deelwoorde en voltooide deelwoorde, met verwysing na die sinonieme terme teenwoordige en verlede deelwoorde. Beide tipes deelwoorde word verduidelik as 'n woord wat van 'n werkwoord afgelei is deur die "toevoeging van die agtervoegsel *-end(e)*" (Taalkommissie, 2009:567) in die geval van onvoltooide deelwoorde en "met behulp

van *ge-* en/of *-de* en *-te*” (Taalkommissie, 2009:574) by voltooidde deelwoorde. In die laaste aanhaling is die keuse tussen *-de* of *-te* op verkeerde wyse met *en* aangedui. Beide kan nie gelyk gebruik word nie en hier moes eerder “*ge-* en/of *-de* of *-te*” gestaan het soos wat dit wel elders geformuleer is in “Voltooidde deelwoorde op *-te* of *-de*” (Taalkommissie, 2009:63).

Wat die funksie van deelwoorde betref, gee die *AWS* (Taalkommissie, 2009:162) drie funksies onder die opskrif “*ge-* by voltooidde deelwoorde”, naamlik (a) as byvoeglike naamwoorde; (b) as hoofwerkwoord saam met *het* by sinne in die verlede tyd; en (c) saam met *word* en *is* by sinne in die lydende vorm. Verder word die spelkonvensies en -reëls²³ wat die deelwoord raak voorin die *AWS* hanteer onder reëls 11.5 tot 11.11 (Taalkommissie, 2009:62-64), reëls 17.11-17.5, 17.8 en ook reël 17.11 (Taalkommissie, 2009:162-167).

2.3.15 *Elektroniese woordeboek van die Afrikaanse taal (eWAT, 2009)*

Net soos wat dit die geval was by die *HAT* (Odendal & Gouws, 2005:146), beskryf die elektroniese woordeboek van die Afrikaanse taal (*eWAT*) ook die deelwoord as ’n vorm van die werkwoord. Die deelwoord word hier verklaar as ’n algemene term vir twee woordsoorte, tradisioneel beskou as twee vorme van die werkwoord, waar hierdie vorme “enkele gemeenskaplike trekke, veral semantiese verband met die verwante werkwoorde” (*eWAT*, 2009) vertoon.

- Een vorm is die onvoltooidde of teenwoordige deelwoord gevorm met *-end/-ende* of *-d/-de* wat attributief en “in geringer mate ... prediserend” fungeer.
- Die ander vorm is die voltooidde of verlede deelwoord wat met of sonder *ge-* ’n gesegde vorm saam met die hulpwerkwoorde *het*, *word* of *is*.
- Die *eWAT* stel dat voltooidde deelwoorde wat as byvoeglike naamwoorde optree (bv. *geskrewe* brief) tans as byvoeglike naamwoorde gereken word. Hierby word ook ingesluit byvoeglike naamwoorde wat op dieselfde wyse van selfstandige naamwoorde gevorm word (bv. *gebaarde mans*²⁴), aangesien hulle ook tradisioneel as deelwoorde gesien is.

²³ Hierdie spelkonvensies en -reëls word van tyd-tot-tyd hersien en die 2009-weergawe van die *AWS* bevat tans die nuutste riglyne. Hierdie reëls kom weer ter sprake in Hoofstuk 4 by die fonologiese beskrywing van die voltooidde deelwoord.

²⁴ Hierdie voorbeeld is net so in die *eWAT* (2009) gebruik; ‘*bebaarde mans*’ is dalk meer bekend.

Onder fleksie sluit die *eWAT* (2009) ook deelwoorde in hulle verklaring in deurdat fleksie “die vervoeging van werkwoorde waar deur derglike wysiging persoon, tyd, modus en aspek uitgedruk word”, behels (*eWAT*, 2009).

2.4 Sintese van literatuuroorsig

In die voorafgaande literatuuroorsig is die versplinterde verwysings na die deelwoord duidelik. Buiten die aandag wat De Villiers (1948:95-108) en Van Schoor (1983:212-220) aan die deelwoord gee, sowel as die uitgebreide reëls in die *AWS* (Taalkommissie, 2009: 62-64, 162-167), bestaan daar slegs skrapse beskrywings van die deelwoord wat per toeval en tussendeur ander beskrywings gegee word.

Dit is ook uit die literatuuroorsig duidelik dat daar ’n aantal spesifieke aspekte aangaande deelwoorde is waaroor die bronne verskil. Die teenstrydighede in die literatuuroorsig kan vasgepen word in drie basiese kwessies: onjuiste terminologiegebruik en formulerings (vergelyk 2.4.1); of die vorming van deelwoorde gesien word as fleksie of afleiding en ook hoe daar tussen fleksie en afleiding onderskei kan word (vergelyk 2.4.2); en die erkenning of nie van die deelwoord as ’n vorm van die werkwoord, insluitend of die vorm van die werkwoord wat saam met *het* in verledetydskonstruksies en *word/is* in passiefkonstruksies as deelwoorde gereken word (vergelyk 2.4.3). Die eerste twee punte van inkongruensie staan natuurlik glad nie los van mekaar nie, intendeel, hulle is maar variasies van dieselfde basiese kwessie: die onderskeid tussen fleksie en afleiding. Wanneer daar na die deelwoord as ’n vorm van die werkwoord verwys word, of wanneer daar na die vervoeging van ’n werkwoord verwys word, impliseer dit die byhaal van fleksiewerking. Die probleem hier met ’n stelling dat fleksiewerking en vorme van die werkwoord dieselfde kwessie is, is dat nie al die bronne ’n onderskeid tussen fleksie en afleiding erken of tref nie. Die derde punt waaroor bronne verskil, betrek dan juis die tipe vorm van die werkwoord. Vervolgens word hierdie drie kwessie(s) afsonderlik hanteer.

2.4.1 Onjuiste terminologiegebruik en formulerings

2.4.1.1 Terminologiegebruik in verwante tale

Om die verwarring en teenstrydighede van die bestaande Afrikaanse bronne in perspektief te stel, word daar eers gekyk na hoe die relevante terminologieë in

Nederlands en Engels gebruik en verklar word. In Nederlandse en Engelse bronne word baie spesifieke terme gebruik om tussen fleksie en afleiding te onderskei om sodoende die verskillende morfologiese prosesse duidelik te laat blyk. In Engels word die term *conjugation* gebruik om spesifiek te verwys na die fleksievervoeging van werkwoorde (Matthews, 1997:68), *declension* na die verbuiging van naamwoorde (Matthews, 1997:179) en *derivation* vir afleidingsprosesse (Matthews, 1997:93). Vergelyk die opsomming in Tabel 1 hieronder waar akkurate terme rakende fleksie en afleiding uit die *Algemene Nederlandse spraakkunst (ANS)* (Geerts, Haeseryn, De Rooij en Van der Toorn, 1985:25) vertaal is.

Tabel 1: Die terminologie van morfologiese prosesse (Geerts et al., 1985:25)

Fleksie	Afleiding
Vormverandering van dieselfde woord (dus verskillende vorme)	Woordvorming van nuwe woorde (dus verskillende woorde)
<ul style="list-style-type: none"> ▪ Verbuigings by naamwoorde en adjektiewe ▪ Vervoegings by werkwoorde 	Lewer afleidings by alle woorde
Morfeme betrokke word uitgange genoem	Morfeme betrokke word affikse of toevoegsels genoem <ul style="list-style-type: none"> ▪ Voorvoegsel of prefiks ▪ Agtervoegsel of suffiks

2.4.1.2 Terminologiegebruik en formulerings in Afrikaans

Vir Afrikaans is die formulerings en keuse van terminologie wat in sommige bronne gebruik word, verwarrend. Soos dit blyk uit Tabel 1 hierbo, is woordkeuse besonder betekenisvol wanneer morfologiese prosesse beskryf word. Wanneer morfeme 'n woord vervoeg of verbuig, lewer dit verskillende vorme van dieselfde woord – dit wil sê dat die morfeme fleksimorfeme (of uitgange) is: verbuigings van selfstandige naamwoorde en adjektiewe; en vervoegings van werkwoorde. Daarteenoor word afleidingsmorfeme (spesifiek affikse) geïmpliseer wanneer 'n ander of nuwe woord van die woord afgelei word.

Die volgende verwysings na Kempen (1982) kan hierdie verwarrende woordkeuses illustreer. Aan die een kant voer Kempen (1982:141) aan dat 'n deelwoord van 'n werkwoord *gevorm* is wanneer dit in 'n byvoeglikenaamwoordfunksie voorkom: hy impliseer dus fleksiewerking. Later skryf hy (Kempen, 1982:160) dat die deelwoord 'n byvoeglike naamwoord is wat van 'n werkwoord *afgelei* is: hier impliseer hy weer

afleiding. Nog later skryf hy (Kempen, 1982:262) dat deelwoorde *forme* van die werkwoord is: hier word fleksiewerking weer betrek. Hierdie verwarrende woordkeuses is nie tot Kempen beperk nie. Ook die AWS (Taalkommissie, 2009: 567, 574) en Carstens (2011:277-278) skryf dat die deelwoord 'n woord is wat van 'n werkwoord *afgelei* is. Die probleem hiermee is dat dit baie moeilik is om enige betroubare afleiding of bevinding oor hierdie bronne se siening van die deelwoord te maak: dit is onmoontlik om te bepaal of die bronne die deelwoord as 'n vorm van die werkwoord (fleksie) sien en of die deelwoord liever, net soos enige ander adjektief, as afleiding gesien behoort te word. Streng gesproke behoort 'n aanname, gebaseer op die woord 'afgelei', uit die bostaande bronne gemaak te word dat afleidingsmorfeme verantwoordelik is vir die vorming van deelwoorde en dat deelwoorde derhalwe nie 'n vorm van die werkwoord is nie. Tog sou so 'n aanname ewe onverantwoordelik wees, siende dat Afrikaans so min fleksievorme het. Dit mag wees dat daar bloot net nie genoegsame aandag in Afrikaans aan vorme van die werkwoord en die onderskeid tussen fleksie en afleiding geskenk is nie. In hierdie studie gebruik ek die term morfeem as die superordinaatterm wat gespesifiseer kan word as 'n fleksiemorfeem of 'n afleidingsmorfeem. Myns insiens is dit dan ook korrek om te verwys na werkwoorde wat verwoeg tot deelwoorde.

2.4.2 Fleksie of afleiding?

2.4.2.1 Verwante tale se perspektief op fleksie en afleiding

Aangesien beide Engels en veral Nederlands baie meer fleksievorme as Afrikaans het, is dit verstaanbaar dat die onderskeid tussen fleksie en afleiding in wetenskaplike literatuur in hierdie tale sterker op die voorgrond staan. Uit die *Concise Dictionary of Linguistics* (Matthews, 1997) is die onderskeid tussen fleksie (*inflection*) en afleiding (*derivation*) duidelik:

Derivation: Any series of change in which a form or a structure is altered by successive processes (Matthews, 1997:93).

Inflection: Any form or change of form which distinguishes different grammatical forms of the same lexical unit ... The term originally meant 'modification' (lit. 'bending') ... (Matthews, 1997:178).

In aansluiting by die *ANS* (Geerts *et al.*, 1985:25) se verduideliking van morfologiese prosesse (vergelyk Tabel 1), het Booij (2006:654) se verduideliking van fleksie en afleiding dieselfde strekking. In die tweede uitgawe van volume 5 van die *Encyclopedia of Language & Linguistics*, onder *Inflection and Derivation*, skryf hy dat die onderskeid tussen fleksie en afleiding 'n funksionele onderskeid tussen twee verskillende morfologiese prosesse is. Die totstandkoming van verskillende vorme van dieselfde lekseem word as fleksie gesien; die totstandkoming van verskillende lekseme word as afleiding gesien. Afleiding word daarom saam met samestelling as woordvorming gesien, terwyl fleksie vormverandering is wat verskillende vorme van dieselfde woord lewer.

Om hierdie twee verskillende morfologiese prosesse in Afrikaans te illustreer, kan ons sê dat *lopende* (vergelyk (26a)) 'n voorbeeld van 'n **onvoltooide deelwoord** is wat van die werkwoord *loop* **vervoeg** is met behulp van die **fleksiemorfeem** *-end* [PTCP] en *-e* [ATTR]. Daarteenoor kan ons sê dat *loperige* (vergelyk (26b)) 'n voorbeeld van 'n **adjektief** is wat van die werkwoord *loop* **afgelei** is deur die **afleidingsmorfeem** *-erig* (en ook verder deur die fleksiemorfeem *-e* in die attributiewe posisie verbuig word). Die verskil tussen *lopende* en *loperige* is dat *lopende* 'n ander vorm van die werkwoord *loop* is en steeds 'n aspektuele, verbale interpretasie het: 'water wat loop', maar dat *loperige* 'n nuwe woord is wat van die werkwoord *loop* gemaak is. *Loperige* het nie dieselfde verbale (en spesifiek aspektuele) interpretasie as *lopende* nie en kan nie interpreteer word as 'iets wat loop' nie. Teenoor die duratiewe interpretasie van *lopende*, druk *loperige* eerder modaliteit uit: iets wat oor die kwaliteit of moontlikheid beskik om te loop, maar dit beslis nie op die oomblik doen nie.

(26a) Die **lopende** water maak my rustig.

(26b) Die **loperige** deeg laat my gril.

Booij (2002:19) beskryf die fleksiesisteen van Nederlands op 'n skaal van morfologiese kompleksiteit deur Nederlands tussen Engels en Duits te plaas: Nederlandse fleksie is meer kompleks as dié van Engels en eenvoudiger as dié van Duits. Afrikaans is 'n sterk gedeflekteerde taal, eerder 'n analitiese taal (Jenkinson, 1993:116), omdat baie van die fleksievorme reeds verdwyn het. Booij (2010b:548) gebruik die term 'fleksie-erosie' om te verwys na die verlies van die fleksiesisteen, soos wat dit die geval by Afrikaans is, en

noem dat Afrikaans slegs een werkwoordvorm oorgehou het en dat die verledetyd perifrasties uitgedruk word. Ek neem hieruit aan dat Booij die verledetydsvorm van die werkwoord as die enigste fleksievorm van die werkwoord in Afrikaans sien. Ek kan nie hier met hom saamstem nie aangesien hy nie ook na deelwoorde as 'n vorm van die werkwoord verwys nie. Ek vermoed dat hy die verledetydsvorm van die werkwoord en die voltooide deelwoord as dieselfde vorm van die werkwoord sien en dat die onvoltooide deelwoord as 'n adjektief gesien word, dus nie 'n ander vorm van die werkwoord nie. Al het Afrikaans weinig vorme van die werkwoord, is ek nie daarvan oortuig dat Afrikaans slegs een vorm van die werkwoord het nie. Buiten dat die verledetydsvorm en die deelwoordvorm twee verskillende vorme is, is die onvoltooide en voltooide deelwoord tog elkeen 'n eie en ander vorm van die werkwoord.

2.4.2.2 Verwysings na fleksie en afleiding in Afrikaans

Tabel 2 illustreer die uiteenlopende wyses waarop die geraadpleegde bronne na fleksie en afleiding verwys met betrekking tot die deelwoord in Afrikaans. Die opvatting dat morfeme van meet af aan in twee tipes verdeel kan word, naamlik fleksie- en afleidingsmorfeme, blyk nie so voor die hand liggend te wees nie. Tabel 2 toon ook dat daar nie eenstemmigheid tussen die bronne is oor die kwessie of die deelwoord deur fleksie of deur afleiding gevorm word nie.

Tabel 2: Die onderskeid tussen fleksie en afleiding in Afrikaanse bronne

	DeV-48	LeR-52	Pon-79	Kem-82	DeV-83	VSch-83	DuT-86	B,VA-87	Pon-89	Phei-89	Raidt-89	Com-89	Com-90	Don-93	Car-03	HAT-05	AWS-09	eWAT-09
A. FLEKSIE OF AFLEIDING																		
Tref die onderskeid	•		•		•	•	•							•				
Impliseer die onderskeid				•					•	•								
Tref nie die onderskeid nie		○						○			○	x	x		○	○	○	○
B. TIPE ONDERSKEID																		
Alle deelwoorde is fleksie						•												
Die gebruik van <i>ge-</i> is fleksie	•		•		○		•											
Voltooide deelwoorde is fleksie					•													
Onvoltooide deelwoorde is afleiding	•																	
Werkwoordkonstruksies is fleksie			○		•									•				
Adjektiewiese gebruik is afleiding					•		•	○	•					•				

In Tabel 2 is die bronne boaan die kolomme afgekort en in dieselfde volgorde as in die voorafgaande bespreking weergegee. In die rye is verskillende standpunte uit die bronne gelys. Die ingekleurde kol (●) verbind telkens die kenmerk en die bron waarin dit duidelik genoem word. Wanneer 'n kenmerk en bron met 'n oop kol (○) verbind is, is die kenmerk vaag of onoortuigend genoem of word dit slegs in die bron gesuggereer. Die kruisie (x) beteken dat 'n outeur die kenmerk spesifiek uitsluit. Deel A van die tabel dui aan of bronne die onderskeid tussen fleksie en afleiding tref, slegs impliseer, of nie die onderskeid tref nie. Deel B van die tabel kwalifiseer die tipe onderskeid wat die bronne tref wanneer daar wel tussen fleksie en afleiding onderskei word.

Aan die een kant ontken Combrink (1989:233, 1990:30-31) die onderskeid tussen fleksie en afleiding vir Afrikaans en maak hy dit as ongegrond af. Volgens Du Toit (1986:101) kan deelwoorde onder sowel fleksie as afleiding ingedeel word. Hy sien die verledetydsvorm van die werkwoord as fleksiewerking en die adjektiewiese gebruik van deelwoorde as afleiding. De Villiers (1983:68-69, 72-73, 80, 111-112, 161) se hantering van fleksie en afleiding is met tye intern teenstrydig en verwarrend. Dit kom voor asof hy deelwoorde in die verledetydsvorm en die passiefvorm as fleksie sien en dan 'n onderskeid maak tussen die voltooide en onvoltooide deelwoorde in adjektiewiese gebruik – die adjektiewiese gebruik van voltooide deelwoorde is fleksie en dié van onvoltooide deelwoorde is afleiding. Aan die ander kant van die spektrum, erken Van Schoor (1983:209) deurgaans fleksiewerking by deelwoordvorme.

Jenkinson (1993) bespreek in sy artikel *Die probleem van fleksie en afleiding in Afrikaans*, dieselfde onsekerheid en spektrum opinies van taalkundiges as wat uit die literatuuroorsig en Tabel 2 blyk. Hy verklaar die rede vir die onduidelike onderskeid tussen fleksie en afleiding in Afrikaans deurdat nie alle taalkundiges hierdie onderskeid erken nie (Jenkinson, 1993:111-115). Hy wys ook daarop dat daar nie altyd van dieselfde stel kriteria gebruik gemaak word om tussen fleksie en afleiding te onderskei nie (Jenkinson, 1993:108-111) en dat die onderskeid vir 'n analitiese taal, soos Afrikaans, problematies sal bly juis omdat daar so min fleksiekategorieë in Afrikaans is (Jenkinson, 1993:116). Aansluitend hierby, het Groenewald en Van Huyssteen (2008) in hulle artikel *Outomatiese lemma-identifisering vir Afrikaans* baie duidelik in samevattende tabelle aangetoon hoe min leidende internasionale taalkundiges saamstem oor die kriteria wat aangelê kan word vir fleksie (Groenewald & Van

Huyssteen, 2008:70), asook hoe Afrikaanse taalkundiges van mekaar verskil oor die fleksiekategorieë vir Afrikaans (Groenewald & Van Huyssteen, 2008:72).

Die gevolgtrekking waartoe Jenkinson (1993:117-118) en Van Huyssteen (2014:184) kom, is dat fleksie en afleiding as 'n konseptuele gradering gesien moet word, soos wat dit reeds in die kognitiewe linguistiek gesien word, eerder as 'n absolute tweedeling. In Hoofstuk 3 word aangetoon hoe fleksie en afleiding as 'n kontinuum, eerder as teenpole, vanuit 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsraamwerk gekonseptualiseer word (vergelyk 3.6) en hoe so 'n kontinue siening bydra tot 'n beter begrip van die deelwoord.

2.4.3 Die deelwoord as 'n vorm van die werkwoord

2.4.3.1 Vorme van die werkwoord in Nederlands en Engels

In ooreenstemming met die siening dat deelwoorde as fleksie gesien word (vergelyk 2.4.2.1), bestaan daar geen twyfel in die meeste Nederlandse en Engelse bronne dat die deelwoord 'n vorm van die werkwoord is nie. In dié tale is 'vormkategorie' of 'vorm van die werkwoord' die aanvaarde vertrekpunt om die deelwoord te beskryf.

Verskillende toonaangewende Nederlandse grammatikabronne verduidelik die deelwoord byna identies as 'n vorm van die werkwoord of 'n vormkategorie van die werkwoord. In *The Morphology of Dutch* (2002), onder *Verbal Inflection*, betrek Booij deelwoorde by twee van die infiniete vorme van die werkwoord: “three non-finite forms: the infinitive, the perfective/passive participle, and the present participle” (Booij, 2002:54). Die siening van die Nederlandse Taalunie (Taaladvies, 2012) stem ook ooreen met dié van die *ANS* (Geerts *et al.*, 1984:422-423) waar die *ANS* vorme van die werkwoord onder die opskrif en subopskrif *De vervoeging van het werkwoord en Vormcategorieën* (Geerts *et al.*, 1984:422) verduidelik. Buiten die verskillende vorme van die werkwoord wat per werkwoordstyd vir die persoonsvorme voorkom, word ook deelwoorde onderskei (Geerts *et al.*, 1984:423):

... bestaan er in Nederlands nog twee vormcategorieën waarvoor de term 'deelwoord' (participium) gebruik word. Het voltooid deelwoord (verleden deelwoord, participium perfecti) en het passief deelwoord kunnen als één vormcategorie beschouwd worden, omdat ze altijd dezelfde vorm hebben. Daarnaast bestaat het tegenwoordig deelwoord (onvoltooid deelwoord, participium praesentis).

Booij (2002:19) verwys na die onderskeid wat Matthews (1997) tref tussen die sintaktiese kategorie, fleksie- of vormkategorie, en kenmerke van die vormkategorie. Booij (2002) gee volledig rekenskap van die verskillende vormkategorieë vir naamwoorde, adjektiewe en werkwoorde, maar in Tabel 3 word slegs die toepaslike deel weergegee om vormkategorieë van die werkwoord in Afrikaans beter te verstaan.

Tabel 3: Vormkategorieë van die werkwoord (Booij, 2002:19)

Sintaktiese kategorie	Fleksiekategorie	Eienskap
Werkwoord	Tempus	Teenwoordig; verlede
	Aspek	Perfektief
	Deelwoord	Teenwoordig; verlede

Volgens Booij (2002:69) het die “perfect participle form of the verb” twee funksies wat saam met die relevante hulpwerkwoorde gebruik word, naamlik (a) om perfektiewe aspek, byvoorbeeld *heeft gewerkt*; of (b) passiewe betekenis, byvoorbeeld *worden gewerkt*, uit te druk.

Die Nederlandse Taalunie (Taaladvies, 2012) onderskei nie net tussen teenwoordige en voltooide deelwoorde nie, maar ook tussen die basiese gebruike: dit kan voorkom as deel van die gesegde (vergelyk (27a)), maar dit kan ook as byvoeglike naamwoorde gebruik word (vergelyk (27b)).

(27a) *Hij is met vlag en wimpel voor zijn examen **geslaagd**.*

(27b) *Hij nam met zijn secretaresse de **lopende** zaken door.*

Op dieselfde trant as wat toonaangewende Nederlandse bronne saamstem oor die deelwoord as 'n vorm van die werkwoord, is dit ook die geval in Engelse bronne. Huddleston (1988:40), die *Longman Grammar of Spoken and Written English* (LGSWE, Biber, Johansson, Leech, Conrad & Finegan, 1999:392), Huddleston en Pullum (2005:29), sowel as die *Oxford Advanced Learner's Dictionary* (2010:1070) beskryf almal die deelwoord as 'n vorm van die werkwoord. Huddleston (1988) beskryf die deelwoord spesifiek as 'n vorm van die werkwoord wat kenmerke van beide werkwoorde en adjektiewe vertoon: “it is in ‘part’ like a verb, in ‘part’ like an adjective” (Huddleston, 1988:40).

Die *LGSWE* (Biber *et al.*, 1999:392, 394-396) verwys na die vier morfologiese variante (vorme) van leksikale fleksie by swak werkwoorde (*regular verbs*) en 'n verdere morfologiese vorm by sterk werkwoorde (*irregular verbs*):

- die basisvorm (die werkwoord sonder enige affiks en wat gebruik word as die infinitief en die teenwoordige tyd, derdepersoon enkelvoud uitgesluit);
- die suffiks *-(e)s* (gebruik vir derdepersoon enkelvoud);
- die suffiks *-ing* (gebruik vir duratiewe aspek²⁵ en teenwoordige²⁶ deelwoorde);
- die suffiks *-ed* (gebruik vir die verlede tyd en verlede²⁷ deelwoorde); en
- sterk werkwoorde as sterk verlede deelwoorde.

Huddleston en Pullum (2005:29) verduidelik dat werkwoorde veranderlike lekseme is (*variable lexemes*) omdat hulle 'n aantal verskillende vorme het. Party vorme word in sekere situasies vereis (is verpligtend) en in ander toegelaat (is opsioneel). Die verpligte werkwoordvorme is werkwoorde wat geen ander keuse het as om in 'n sekere vorm gebruik te word nie, soos onder andere die vorm van die werkwoord in konstruksies saam met *has/have/had* waar 'n grammatikale reël vereis dat die werkwoord in die *participle form* (bv. *flown*) van die werkwoord verskyn. Werkwoordvorme wat opsioneel vir die gebruiker is, hang af van die betekenis wat die gebruiker wil oordra. Hulle illustreer hierdie keuse met die deiktiese²⁸ verskil tussen (28a) en (28b) hieronder (Huddleston & Pullum, 2005:29).

(28a) *Kate **flies** home.*

(28b) *Kate **flew** home.*

Beide Huddleston (1988:38-40) en Huddleston en Pullum (2005:32-35) stem saam met die morfologiese variante wat *LGSWE* (1999) lys, maar hanteer die verledetydsvorm as 'n aparte variante vorm. Hulle verklaar hierdie ekstra vorm deur daarop te wys dat die verlededeelwoordvorm en die swak werkwoordvorm in baie gevalle met die verledetydsvorm van daardie werkwoorde ooreenstem. By sterk werkwoorde,

²⁵ Die *LGSWE* gebruik *progressive aspect*.

²⁶ Alhoewel ek verkies om die term 'onvoltooide deelwoorde' te gebruik, is 'teenwoordige deelwoorde' die naaste vertaling van *present participles* soos wat die *LGSWE* dit gebruik.

²⁷ Alhoewel ek verkies om die term 'voltooide deelwoorde' te gebruik, is 'verlede deelwoorde' die naaste vertaling van *past participles* soos wat die *LGSWE* dit gebruik.

²⁸ 'Deiksis' is die wyse waarop verwysing na elemente in 'n sin bepaal word deur die verhouding tussen die spreker en hoorder, asook die tyd en plek van die uiting (Matthews, 1997:89). In hierdie geval word tydverwysing bedoel.

daarenteen, is daar nie dieselfde ooreenstemming nie (Huddleston, 1988:39; Huddleston & Pullum, 2005:33-34), met die gevolg dat daar dan 'n verdere morfologiese variant voorkom. Die twee werkwoordvorme in Engels wat die deelwoord betrek, word volgens Huddleston en Pullum (2005:32-33) onderskei as 'n *gerund-participle* en 'n *past participle*.

- 'n *Gerund* ('gerundium' in Afrikaans) is 'n werkwoordvorm wat funksioneel dieselfde as 'n selfstandige naamwoord is; en 'n deelwoord is 'n werkwoordvorm wat funksioneel dieselfde as 'n adjektief is. In Engels word een woordvorm, "shape" (Huddleston & Pullum, 2005:32), gevorm met *-ing*, vir beide bogenoemde vorme gebruik (spesifiek die teenwoordige deelwoord in hierdie geval) en vandaar die term *gerund-participle*. Daar word ook na die *gerund* as die *ing*-vorm van die werkwoord verwys juis omdat nie een van die oorgeërfde terme volledig daarin slaag om na hierdie vorm te verwys nie.
- Die verlede deelwoord word hoofsaaklik in twee konstruksies gebruik: passiewe en perfektumkonstruksies. Die sleutelaspek in hulle verduideliking is dat die deelwoordkomponent in die term 'verlede deelwoord' gewoon daarop berus dat die *participle form* (partisipiumvorm) van die werkwoord in daardie konstruksies gebruik word. Vir hulle is daar niks adjektiewies in die perfektumkonstruksie in (29a) en die passiewe konstruksie in (29b) waar die verlede deelwoord gebruik word nie. Tog, in 'n ander voorbeeld van 'n passiefkonstruksie wat hulle gee (vergelyk (29c)), erken hulle die adjektiewe funksie wat die verlede deelwoord inhou (Huddleston & Pullum, 2005:32).

(29a) *She **has flown** from Dallas.*

(29b) *The Brussels-Dallas route **is flown** by only two airlines.*

(29c) *A route, **flown** by only two airlines, is bound to be expensive.*

Wat dus hier aan die lig kom, is dat een (skrif-)vorm van die werkwoord meerdere funksies kan hê. In Engels kan dieselfde vorm van 'n woord, byvoorbeeld *developed*, gebruik word as die verlede tyd van 'n swak werkwoord (vergelyk (30a)) of as 'n deelwoord in 'n adjektiewiese funksie (vergelyk (30b)).

(30a) *She **developed** a solid plan.*

(30b) ***Developed** countries should help us.*

Daar is drie waardevolle bydraes wat die Nederlandse en Engelse bronne lewer om die teenstrydige sienings in die Afrikaanse bronne op te klaar. Vanuit die staanspoor sien Nederlands en Engels die deelwoord as 'n vorm (of vormkategorie) van die werkwoord. Tweedens kry ons groter insig in wat met 'n vorm van die werkwoord bedoel word: dat dit 'n morfologiese vorm of variant van die woord is wat apart staan van die funksie waarin dit gebruik word. Ook weet ons, volgens Huddleston en Pullum (2005:33), dat: "... different inflectional forms of a verb may share the same shape". Gevolglik is dit moontlik dat dieselfde vorm in verskillende vormkategorieë geregverdig kan word. Laastens word die deelwoord op twee maniere gebruik: as 'n vorm van die werkwoord wat in konstruksies gebruik word om die verlede tyd of die passiefvorm uit te druk, óf waar die deelwoord alleen voorkom as adjektief met verbale eienskappe.

2.4.3.2 Vorme van die werkwoord in Afrikaans

Tabel 4 hieronder bevat 'n samevatting van wat in die verskillende Afrikaanse bronne genoem is betreffende die deelwoord as vorm van die werkwoord. Weer eens, net soos by fleksie of afleiding (vergelyk 2.4.2.2), is daar uiteenlopende sienings in Afrikaans oor die deelwoord as 'n vorm van die werkwoord. Die bronne is, net soos by Tabel 2, boaan die kolomme afgekort en in dieselfde volgorde as in die literatuuroorsig weergegee. Weer verbind die ingekleurde kol (●) telkens die kenmerk en die bron waarin dit duidelik genoem word. Wanneer 'n kenmerk en bron met 'n oop kol (○) verbind is, is die kenmerk vaag of onoortuigend genoem of word dit slegs in die bron gesuggereer. Die kruisie (x) beteken dat 'n outeur die kenmerk spesifiek uitsluit.

Daar is vier onderafdelings in die tabel aangedui. Deel A dui aan of die bron die deelwoord as 'n vorm van die werkwoord noem. Deel B wys hoe die bronne verwys na 'n deelwoord wat op sy eie voorkom, dus nie deel van 'n konstruksie nie. Dele C en D dui aan hoe bronne die deelwoord in konstruksies verduidelik: eers as deel van die verledetydskonstruksie (C) en dan die passiefkonstruksie (D).

Uit Tabel 4 kan ons sien dat ongeveer die helfte van die bronne die deelwoord as 'n vorm van die werkwoord sien (o.a. De Villiers, 1983:69,72; *eWAT*, 2009; Kempen, 1982:262; Odendal & Gouws, 2005:146; Pheiffer, 1989:83-88; Van Schoor, 1983:353, 378, 209), maar slegs Van Schoor (1983:212) en die *eWAT* (2009) ekspliseer die vorm van die werkwoord verder as 'n woord wat gelyktydig twee woordklasse dien. De

Villiers (1983:111) kan in werklikheid ook saam met hierdie twee bronne genoem word wanneer hy na die deelwoord as “werkwoordelike adjektiewe” verwys.

Tabel 4: Die deelwoord as 'n vorm van die werkwoord

	DeV-48	LeR-52	Pon-79	Kem-82	DeV-83	VSch-83	DuT-86	B,VA-87	Pon-89	Phei-89	Raidt-89	Com-89	Com-90	Don-93	Car-03	HAT-05	AWS-09	eWAT-09
A. VORM VAN DIE WERKWOORD																		
Noem verskillende vorme van die werkwoord	○		○	●	●	●	●	x	○	●		x	x	●		●		●
B. DEELWOORD AS ONAFHANKLIKE WOORD																		
Die deelwoord is 'n woord wat twee woordklasse deel	●	x		○	●	●	x	x	x		○	x				○	○	●
Beskou deelwoorde as gewone adjektiewe		●					●	●	○			○	●	●	○	○	○	●
Slegs onvoltooide deelwoorde is adjektiewe	●																	
Slegs voltooide deelwoorde is adjektiewe																		●
Deelwoorde kom ook voor in werkwoordkonstruksies	●	●	○	●	●	●	●			●	○			●	●	○	●	●
C. VERLEDETYDSKONSTRUKSIES																		
Die verlede tydsvorm saam met <i>het</i> , is die deelwoord	●	●	○		●	●				●	○			●	●	○	●	●
Die verlede tydsvorm wat met <i>ge-</i> gevorm word			○				●						x			○		
D. PASSIEFKONSTRUKSIES																		
Die passiefvorm saam met <i>is/word</i> , is die deelwoord	○	●	○	●	●		●							●	●	○	●	●
Die passiefvorm wat met <i>ge-</i> gevorm word			○										x			○		

Die gelyktydige deel aan twee woordklasse word deur party bronne slegs geïmpliseer deur te verwys na die verskillende funksies of gebruike van deelwoorde (Kempen, 1982:160,471; Odendal & Gouws, 2005:146, Taalkommissie, 2009:162). By vyf bronne is die gelyktydige deel van woordklasse met 'n kruisie gemerk omdat hierdie bronne glad nie hierdie opinie huldig nie. Le Roux (1952:6) en Du Toit (1986:101) maak 'n duidelike onderskeid tussen wanneer die deelwoord werkwoordelik gebruik word en wanneer dit adjektiewies gebruik word. Aansluitend hierby kies Botha en Van Aardt (1987:242-253), Combrink (1989:233; 2002:30-31) en Ponelis (1989:42, 1993: 265,287) om na deelwoorde slegs as adjektiewe te verwys.

Die oorgrote meerderheid bronne in Tabel 4 verwys ook na die voorkoms van die deelwoord in gesegdekonstruksies. By elkeen van die konstruksies is daar twee variasies in terme van wat 'n deelwoord behels, naamlik:

- (i) die deelwoord word gesien as die woord wat saam met 'n hulpwerkwoord (*het, is of word*) optree en daarom impliseer dit vorme met én sonder *ge-*; of
- (ii) die deelwoord word gesien as die werkwoordvorm in sulke konstruksies wat met *ge-* gevorm word en daarom sluit dit vorme van die werkwoord sonder *ge-* uit.

Buiten dat 'n mens maklik die teenstrydige opinies in die tabel raaksien, is daar by drie bronne interne teenstrydige opmerkings. Ponelis (1979) en die *HAT* (Odendal & Gouws, 2005) gebruik beide maniere, soos uiteengesit in (i) en (ii) hierbo, om na die deelwoordvorm te verwys. Gevolglik is hierdie kwessie in hulle onderskeie kolomme met 'n oop kol (○) gemerk om die onduidelikheid van hulle verduidelikings aan te dui. Du Toit (1986) verduidelik die deelwoord in die verledetydskonstruksie op een manier, soos (ii) hierbo, en die deelwoord in die passiefkonstruksie op die ander manier, soos (i) hierbo.

Uit die voorafgaande besprekings van verwarrende formulerings en terminologiegebruik (vergelyk 2.4.1); die onderskeid tussen fleksie en afleiding (vergelyk 2.4.2); en die deelwoord as 'n vorm van die werkwoord (vergelyk 2.4.3), stem bronne in Nederlands en Engels deurgaans met mekaar saam teenoor die teenstrydige en verwarrende sienings in die bronne oor Afrikaans. Dit laat mens wonder hoekom dit so is. Wat in Afrikaans maak dat dieselfde verklarings en verduidelikings wat klaarblyklik voor die hand liggend is vir Nederlands en Engels, nie ewe duidelik in Afrikaans is nie? Een moontlik verklaring wat reeds in afdeling 2.4 aangeraak is, is dat Afrikaans minder fleksiekategorieë het. Dit opsig self behoort eintlik daartoe te lei dat dieselfde stellings wat met gemak in Nederlands en Engels gemaak word, net nóg makliker en eenvoudiger in Afrikaans gemaak sou kon word, wat duidelik nie die geval is nie. Daarom word werkwoordparadigmas in al drie tale van 'n swak sowel as 'n sterk werkwoord met mekaar vergelyk om te bepaal of dit moontlik is om iets van die verwarring in Afrikaans te verstaan.

2.5 Vergelykende werkwoordparadigmas

In 'n poging om te verstaan waarom bronne in Afrikaans so verwarrend rapporteer oor kwessies rakende die onderskeid tussen fleksie en afleiding, en waar dieselfde kwessies

deurgaans kongruent en duidelik in Nederlandse en Engelse bronne verduidelik word, word werkwoordparadigmas van hierdie drie tale met mekaar vergelyk. In Tabel 5 word die werkwoordparadigmas van 'n swak werkwoord gegee en in Tabel 6 word die werkwoordparadigmas van 'n sterk werkwoord gegee.

Tabel 5: Paradigma van 'n swak werkwoord: *play, spelen en speel*

Werkwoordvorme	Engels	Nederlands	Afrikaans
Infinitief	<i>play</i>	<i>spelen</i>	<i>speel</i>
Onvoltooide deelwoord	<i>playing</i>	<i>spelend</i>	<i>spelend(e)</i>
Progressiewe aspek	<i>is/are/was/were playing</i>	<i>aan't spelen</i>	<i>aan die speel</i>
Teenwoordige tyd, enkelvoud	<i>play(s)</i>	<i>speel(t)</i>	<i>speel</i>
Teenwoordige tyd, meervoud	<i>play</i>	<i>spelen</i>	<i>speel</i>
Verlede tyd	<i>played</i>	<i>speelde</i>	<i>het gespeel</i>
Voltooide deelwoord	<i>played</i>	<i>gespeeld</i>	<i>gespeel(d)(e)</i>
Perfektum	<i>has/have/had played</i>	<i>hebt/hebben / had/hadden gespeeld</i>	<i>klaar ... gespeel het</i>
Passief, teenwoordig	<i>is/are played</i>	<i>worden gespeeld</i>	<i>word gespeel</i>
Passief, verlede	<i>was/were played</i>	<i>zijn gespeeld</i>	<i>is gespeel</i>

Tabel 6: Paradigma van 'n sterk werkwoord: *break, breken en breek*

Werkwoordvorme	Engels	Nederlands	Afrikaans
Infinitief	<i>break</i>	<i>breken</i>	<i>breek</i>
Onvoltooide deelwoord	<i>breaking</i>	<i>brekend</i>	<i>brekend(e)</i>
Progressiewe aspek	<i>is/are/was/were breaking</i>	<i>aan't breken</i>	<i>breek</i>
Teenwoordige tyd, enkelvoud	<i>break(s)</i>	<i>breek(t)</i>	<i>breek</i>
Teenwoordige tyd, meervoud	<i>break</i>	<i>breken, brak</i>	<i>breek</i>
Verlede tyd	<i>broke</i>	<i>braken</i>	<i>het gebreek</i>
Voltooide deelwoord	<i>broken</i>	<i>gebroken</i>	<i>gebreek(t)(e)</i> <i>gebroke</i>
Perfektum	<i>has/have/had broken</i>	<i>hebt/hebben / had/hadden gebroken</i>	<i>klaar ... gebreek het</i>
Passief, teenwoordig	<i>is/are broken</i>	<i>worden gebroken</i>	<i>word gebreek</i>
Passief, verlede	<i>was/were broken</i>	<i>zijn gebroken</i>	<i>is gebreek</i>

Die verskil tussen die paradigmas van 'n swak werkwoord (Tabel 5) en 'n sterk werkwoord (Tabel 6), is dat die verledetydsvorm van 'n swak werkwoord in Engels ook soos die voltooide deelwoordsvorm lyk, terwyl dit nie die geval is met 'n sterk werkwoord nie. Ons kry dit ook soms in Afrikaans dat daar beide 'n sterk en 'n swak

vorm van voltooide deelwoorde van dieselfde werkwoord bestaan, byvoorbeeld *gebreekte koppie* en *gebroke hart*.

Die grys dwarslyne in Tabele 5 en 6 dui die onvoltooide en voltooide deelwoordvorme aan. Die ander vorme van die werkwoord wat presies dieselfde morfologiese vorm as die deelwoordvorme het, is donker gemerk. Uit die werkwoordparadigmas van beide 'n swak (Tabel 5) en 'n sterk werkwoord (Tabel 6), kan ons sien dat daar telkens in Engels en Nederlands 'n duidelike vormlike ooreenkoms is tussen die vorm van die werkwoord in 'n adjektiewiese funksie en die vorm van die werkwoord wat onderskeidelik in die passiewe en perfektumkonstruksies gebruik word. Dit is nie die geval in Afrikaans nie en kan nóg beter verduidelik word met voorbeelde waar die adjektiewiese gebruik van die vorm van die werkwoord en die vorm van die werkwoord in konstruksies nooit dieselfde vorm het nie (vergelyk (31a) tot (31h)). Waar Engels konsekwent *confused* gebruik wanneer dit akjektiewies (vergelyk (31b) en (31d)), passief (vergelyk (31f)) of in die verlede tyd (vergelyk (31h)) gebruik word, gebruik Afrikaans *verward* in die adjektiewiese funksie (vergelyk (31a) en (31c)) en *verwar* in die passiewe (vergelyk (31e)) en verledetydskonstruksies (vergelyk (31g)).

(31a) Die **verwarde** persoon frons.

(31b) The **confused** person frowns.

(31c) Jan is **verward**.

(31d) Jan is **confused**.

(31e) Jan **word/is** deur die deurmekaar aanwysings **verwar**.


(31f) Jan **is/was confused** by the disorganised directions.

(31g) Die deurmekaar aanwysings **het** Jan **verwar**.

(31h) The disorganised directions **confused** Jan.

Dit is moontlik dat die beskrywing van die deelwoord in Afrikaans net soos die Nederlandse beskrywing behou is en nooit aangepas is nie. Dit mag moontlik die verwarring en teenstrydighede in die formulerings in Afrikaanse bronne oor die deelwoord as 'n vorm van die werkwoord verklaar. Dit wil dus voorkom asof dit in Afrikaans nodig is om 'n onderskeid te tref tussen die vorme van die werkwoord wat in perifrastiese konstruksies voorkom (voortaan genoem die PK-vorme van die werkwoord) en die deelwoordvorm van die werkwoord wat in Engels en Nederlands

met reg as een vorm van die werkwoord gesien word, aangesien die vorme konsekwent presies ooreenstem. Reël 11.5 in die *AWS* (Taalkommissie, 2009:62) kan ter staving van hierdie vermoede gebruik word, waar die reël dit stel dat voltooidde deelwoorde in 'n werkwoordfunksie (dit is die vorme van die werkwoord in die verlede tyds- en passiefkonstruksies, oftewel die PK-vorme) altyd sonder 'n *-d* aan die einde geskryf word. Dit strook ook volledig met sinne (31a), (31c), (31e) en (31g) hierbo. Onder die opmerkings van reël 11.5 in die *AWS* word twee groepe voltooidde deelwoorde gelys waar die slot *-d* verpligtend (vergelyk (31a) en (31c)) of opsioneel is. Alhoewel dit mag voorkom dat reël 11.5 in die *AWS* genoegsame ondersteuning vir my aanname hierbo gee, is ek steeds nie heeltemal oortuig daarvan dat die term 'deelwoord' deurgaans in die reël gebruik behoort te word nie. Dit sou dalk sinvoller wees om in die reël eerder te verwys na die 'vorm van die werkwoord' wat in 'n werkwoordfunksie altyd sonder 'n *-d* aan die einde geskryf word en dat die slot *-d* van die 'vorm van die werkwoord' in 'n deelwoordfunksie verpligtend of opsioneel kan wees. Hierdie aanname, uitgebeeld in Figuur 1, word in Hoofstuk 4 verder gevoer.



Figuur 1: Voorlopige siening van verskillende vorme van die werkwoord

2.6 Samevatting

Uit die literatuuroorsig is dit duidelik dat weinig Afrikaanse taalbronne ooreenstem oor die aard van 'n deelwoord. Van die grootste verwarring tussen die bronne is geleë in die

vae onderskeid tussen fleksie en afleiding wat gepaard gaan met onnoukeurige terminologiegebruik. Daar word in sommige bronne op 'n lukrake wyse na deelwoorde verwys as woorde wat van werkwoorde *afgelei* (wat afleiding impliseer) of *vervoeg* (wat fleksie impliseer) is. Gevolglik is dit onmoontlik om klinkklare afleidings te maak uit dié bronne se siening oor watter morfologiese proses vir die vorming van deelwoorde verantwoordelik is: fleksie of afleiding.

Buiten hierdie verwarring fokus die belangrikste teenstrydighede in die beskrywings van die deelwoord op watter vorme van die werkwoord as deelwoorde gesien word. Sommige bronne erken ook die vorm van die werkwoord wat in verledetydskonstruksies en passiefkonstruksies gebruik word as 'n deelwoord. Na analogie van die wyse waarop Engelse en Nederlandse bronne na die gebruik van die deelwoordvorm in hierdie konstruksies verwys, is dit verstaanbaar waarom sommige Afrikaanse bronne ook na die vorm van die werkwoord in bogenoemde twee konstruksies as 'n deelwoord verwys. Tog, uit die vergelykende werkwoordparadigmas (vergelyk Tabel 5 en Tabel 6 in afdeling 2.5) vir beide 'n sterk en 'n swak werkwoord in Engels, Nederlands en Afrikaans, blyk dit dat die vorm van die werkwoord in Afrikaans in die verledetyds- sowel as die passiefkonstruksie nie op dieselfde wyse ooreenstem met 'n voltooid deelwoord soos wat dit die geval in Engels en Nederlands is nie. Gevolglik het die veronderstelling ontstaan dat daar moontlik sprake kan wees van afsonderlike vorme van die werkwoord in Afrikaans: PK-vorme in die verledetyds- en passiefkonstruksies, en 'n deelwoordvorm. Hierdie problematiese siening, dat die vorm van die werkwoord in verledetyds- en passiefkonstruksies ook as 'n deelwoord gesien word, is met behulp van verwysings na Engelse en Nederlandse bronne voorlopig uitgelig en word weer in Hoofstuk 4 hanteer wanneer die deelwoord beskryf word vanuit 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsraamwerk.

Die siening van die deelwoord as 'n vorm van die werkwoord wat gelyktydig werkwoordelik en adjektiewies (of 'n ander woordklas) is, is sover die enigste siening wat werklik onbetwisbaar is. Dit strook ook volkome met die etimologiese begripsverklaring aan die begin van die hoofstuk (vergelyk 2.2), sowel as met Huddleston (1988:40) se beskrywing van die deelwoord as iets wat deels soos 'n werkwoord en deels soos 'n adjektief funksioneer.

In Hoofstuk 4 word die deelwoord gekarakteriseer vanuit 'n kognitiewe gebruiksgesbaseerde beskrywingsraamwerk. Met die konseptualisering van die deelwoord binne hierdie beskrywingsraamwerk sal gepoog word om die verwarring en teenstrydighede op te klaar. Alvorens die beskrywing in Hoofstuk 4 gemaak word, geniet die belangrikste en relevante teoretiese konstrunkte en perspektiewe vir die beskrywings van die deelwoord aandag in Hoofstuk 3.